# *Is Dit Nie Ek Wat Jou Stuur Nie?*

Dankie, my broer. Die Here seën jou.

2 Goeienaand, vriende. Dis 'n voorreg om hier te wees, vanaand, in hierdie mooi, skynbaar gerieflike, klein kerkie. En—en so is ek seker die Heilige Gees is hier, en Hy is—Hy is bekend met die hele skare, so ons is net bly om hier te wees om te sit in Hemelse plekke in Christus Jesus, hierdie wonderlike gemeenskap te geniet.

3 So ons is, wil aankondig dat môre-aand nou is, die—die konvensie môre-aand begin, oorkant by die Ramada. Ek veronderstel die ouditorium is net daar met die . . . Ja, meneer. En almal wat kan, kom na elke diens toe. Ek reken Broer Williams het daardeur gegaan, in die prosedure, en alles vertel wat gebeur het, alles wat plaasgevind het, en wat moet plaasvind, sover hy weet wat moet plaasvind. Want partymaal in hierdie dienste, gebeur iets wat ons nie, ons net nie weet nie, ons gaan soontoe op soek na iets om te gebeur. En die laaste keer het ons beslis 'n wonderlike gemeenskap gehad daar oorkant by die Westward Ho, dink ek word dit genoem, die Westward Ho.

4 En nou, soos ek reken dit aangekondig is, dat ons geliefde Broer Oral Roberts môre-aand sal praat, as die Here wil. En daar sal nog baie daar wees, en julle gaan 'n paar groot sprekers hoor, party van die sakemanne, predikers van oraloor. Ek ken skaars enige van die sprekers wat geadverteer word buiten Broer Gardner, en ek ken wel vir Broer Velmer Gardner. En so, het hulle nou aan tot Maandagaand, so ons verwag net 'n baie groot, geestelike gastronomiese jubelfees, so—so ons, kom en voed op die dinge van die Here.

5 En nou, ek dink dit is my lot vir Sondag, of, vir Saterdagoggendontbyt, en vir Sondagmiddagdiens, en so, om te preek.

6 Nou, ek wil sê dat hierdie een van die grootste tye was wat ek al ooit in Phoenix gehad het. Gewoonlik, wanneer ek in Phoenix is, kan ek net, miskien, by een plek uitkom, maar hierdie keer, dink ek hierdie is omtrent ses of sewe, miskien agt plekke waar ek was, rondom deur die Soutrivier, nege, nege plekke waar ek was, nege verskillende plekke, dis nege verskillende predikers om mee kennis te maak, hulle hande skud, en gemeenskap hou met die verskillende organisasies.

7 Wel, gewoonlik wanneer ek inkom, wel, die broers, is hulle altyd so gaaf, en verdaag hulle kerke en kom in. Ek dink dis goed

vir—vir, veral, evangeliste wat inkom, en—en hulle tyd insit om elke kerk te probeer help, dan om rond te gaan en die kerke te besoek soos daardie, omdat die pastoor altyd gewillig is om saam te werk, en hulle mense kom en kry, miskien, word voor gebid, of iets het gebeur, of iemand word gered, en dan ken hy die persoon, die verskillende predikers sê: "Wel, hierdie Broer *So-en-so*, as jy in daardie distrik is, wel, gaan jy net reguit na hom toe, 'n wonderlike man van God, ek was in sy kerk."

8 En julle weet, ek—ek hou daarvan, ek dink ons ken mekaar beter, en omdat ons Ewigheid gaan hê om met mekaar te spandeer, so ons kan maar net sowel mekaar hieronder leer ken en weet hoe dit is.

9 En so—so dan, daarbo, die een goeie ding egter, Broer Pastoor, ons sal nie net soort van wees, ons sal nie enige biduur hê nie, nee, ons sal nie enige genesingsdienste hê nie, maar ons. . . en ons sal nie enige tydsbeperking hê nie, so, en ek preek gewoonlik net ses of agt uur op 'n slag, miskien partymaal, so dan kan ek net aanhou, julle weet.

10 O, ek wil dan met hulle praat vir wie ek gepreek het! Ek het altyd vir die mense gesê dat ek ten minste 'n millennium saam met elkeen wil hê. Sien? En dan, wanneer ek klaar is. . . En reg in ons eie klein diensies, net waarvan ek weet, was na aan tweemiljoen of meer bekeerlinge vir Christus, en sonder twyfel, gaan 'n paar van hulle dit in elk geval maak. En so, net om te gaan sit, miskien, te sê daar sal 'n honderd van hulle wees, kyk wat 'n honderd millenniums sou wees, net om die mense te leer ken wat ek na die Here toe gelei het. En dan weet julle, wanneer ek klaar is, gaan ek—ek nie een stukkie minder tyd hê, as wat ek gehad het toe ek begin het nie. Sien?

11 Ewigheid begin nooit, eindig nooit, sien, het nooit 'n begin gehad nie, het nooit 'n einde nie, jy kan dit nie verduidelik nie. Maar enigiets wat 'n begin gehad het, het 'n einde. So julle sê: "Wat van ons, Broer Branham?" Wel, solank as wat julle natuurlike mense van die aarde hier is, het jy 'n begin gehad, maar as jy gebore is uit die Hemel, is jy 'n deel van God, dan het daardie gees nooit 'n begin gehad nie, want dis deel van God, dis Ewig. Dis die enigste manier wat jy ooit vir ewig kan lewe, is om Ewige Lewe te hê, dis reg, 'n Ewige Lewe.

12 Maar enigiets wat begin, het 'n einde, so as jy geen begin gehad het nie, die enigste. . . Sien, daar het Jesus gesê: "As iemand nie weer gebore word uit die Gees nie, kan hy nie in die Koninkryk ingaan nie, kan op geen manier ingaan nie," want jy moet daardie Ewige Lewe hê.

13 Nou, natuurlik is ek nie, ek weet skaars hoe om Engels te praat en weet, ek het 'n woord of twee bestudeer wanneer ek dit sou vind, sien wat dit was in die Bybel, Hebreeus en Grieks, maar die Griekse woord daar vir Ewige Lewe is dieselfde woord wat

gebruik word vir God se Lewe, dit word gespel Z-o-e, *Zoe*. En hy wat Ewige Lewe het, is Zoe, God se Eie Lewe. Dit maak jou Sy Eie seun of dogter, sien, omdat jy uit Hom gebore is, Sy Lewe is in jou, en jy kan net so min vergaan as wat God kan vergaan. So jy het Ewige Lewe en: "Ek sal hom oprig in die laaste dag," het God gesê. Is dit nie wonderlik nie? Hmm! Hmm!

14 Ek het gedink, toe God, in die begin, Hy gespreek en Hy gesê het: "Laat daar wees," en, "Laat daar wees," en die sade voortgebring het, alles volgens sy soort, jy kan verbaster, natuurlik, en dit omdraai, soos ek eenkeer hier in Phoenix oor gepreek het, dink ek, *Baster Godsdiens*, hoedat hulle dit probeer kruisteel met denominasie, in plaas van om dit te los soos dit was, maar jy laat 'n—jy laat 'n—'n baster, enigiets wat verbaster is, kan homself nie terugteel nie.

15 So wanneer mense vir julle sê, en julle kinders wat skool toe gaan, en hulle sê dat ons van 'n enkele sel af kom, en die etiek van Darwin, hy—hy weet net nie waarvan hy praat nie, sien, want jy neem 'n perd en 'n—en 'n, jy neem 'n, wel, ek sê 'n donkie en die merrie, en hulle het 'n—'n vulletjie. Dis 'n—dis 'n muil, maar daardie muil kan nie met 'n ander muil teel en 'n muil kry nie, dit eindig net daar.

16 Bastermielies, jy kan mielies verbaster, en dan kan jy daardie mielies plant, dit sal niks wees nie, sien, sal niks wees nie, moet terugkom.

17 So hoe kan dan, as ons begin met evolusie van 'n enkele sel af, waar is ons dan? Sien? Hulle eie wetenskaplike navorsing bewys hulle is verkeerd. Sien? Sien, jy kan dit nie doen nie. Jy kan die blouviooltjie met 'n witviooltjie kruis, die Afrikaviooltjie kry, maar laat hulle net alleen, en hulle sal reguit teruggaan na die oorspronklike blouviooltjie. Dis reg. Sien? Dit sal dit nie doen nie.

18 So toe God gespreek en die mens gemaak het, en die mens se siel verlore was, het dit absoluut. . .Enigiets behalwe dit, om by die kerk aan te sluit en enigiets is verbastering, jy moet terugkom na, God moet die Woord weer terugspreek, dit maak dit Ewige Lewe. Wanneer God Lewe in jou spreek, dan is dit weer Ewig, maar tot dit, is dit 'n bastertoestand, julle sien. So die duiwel het gemeng daarmee en gemeng, geloof en iets probeer meng, ongeloof bymekaar, so dit maak 'n baster, sien, en, maar wanneer God spreek en die Heilige Gees daarin plaas en dit verseël, is dit Ewig.

19 Efésiërs 4:30 sê: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie," nie die heilige kerk van God nie: die Heilige Gees van God nie: "waardeur julle verseël is tot die dag van julle verlossing." En 'n seël verteenwoordig 'n voltooide werk.

20 Niks is verseël. . .Soos as jy 'n treintrok laai, begin jy 'n treintrok laai, ek het altyd op die spoorweg gewerk, en ons sou

verskillende goed in ’n treintrok laai, maar die inspekteur kom eers verby, dit moet oor baie rowwe paaie gaan, as daar enigiets los is, sal hy dit nie verseël, totdat daardie trok *so* gelaai en kompak is dat niks dit kan skud nie, dan maak hy die deur toe en verseël dit, en dit kan nie gebreek word voor dit by sy bestemming is nie. Dis net reg.

21 God verbykom en ’n klomp dwaasheid in ons vind, verseël Hy dit net nog nie, sien ’n klomp ongeloof, verseël Hy dit net nog nie, maar wanneer dit volgelaai is met die volle Evangelie, dan verseël Hy dit, dis reg, verseël dit tot by sy Bestemming. Is Hy nie wonderlik nie?

22 So bly, vanaand, om te weet dat ek een van julle is. En ek, toe ek ’n seun was, wou ek altyd hê mense moet my liefhê, ek was ’n ongeliefde persoon, ek was soort van wat die swart skape in die familie genoem word. Almal van hulle het gedrink, julle weet, maar ek het altyd, soos julle my lewensverhaal gelees het, sonder twyfel, daar was iets wat vir my gesê het daar was ’n God iewers, iewers, wat ek aanhoudend ’n Stem sou hoor en Iets wat na my roep.

23 En in die familie was ek soort van die verstoteling, ek het skool toe gegaan, net dieselfde, want ek was so verslete dat almal my gespot het. En toe, toe ek ’n prediker geword het, het ek geglo dat daardie Woord die Waarheid was, toe was ek ’n verstoteling in my Baptiste kerk, hulle het gesê: “Jy sal ’n holy-roller wees een van hierdie dae.” Sien? So toe, toe ek uitgevind het daar was iemand wat dit alles geglo het soos ek het, was dit net soos om ’n handskoen aan ’n hand te trek, net presies gepas. So toe, het Hy gesê: “As julle alles sal verlaat en My volg, sal Ek julle moeders, vaders, broers, susters gee,” ensovoorts: “en Ewige Lewe.” So om onder julle te kom op hierdie manier, ek het julle lief.

24 Nou, partymaal preek ek baie rof, want ek—ek sien dis, iemand wat die pad byster raak, julle sien, jy is veronderstel om dit te doen. ’n Regte pappa sal, wel, hy sal jou skud en sê: “Hier, kom terug op die pad,” as hy ’n regte, egte vader is. So partymaal moet julle pastoor iets hard aanspreek, wees net soveel liewer vir hom, want hy’s ’n ware vader vir jou, sien, om jou op die pad te probeer hou, want hy waak oor jou siel, wat die Heilige Gees hom die opsiener van die kerk gemaak het. En julle moet dit altyd dophou.

25 Ek bid dat God hierdie kerkie sal seën, en mag dit groei en vooruitgaan, mag daar baie goeie predikers uit hierdie kerk uitkom en oral in die velde ingaan, mag sy naam onsterflik wees, is my gebed. Mag God sy pastoor seën, sy diakens, sy trustees, en sy affiliasie, wat dit ook al is, mag God met julle almal wees, en al sy lidmate, soos julle arbei en saamwerk. Ek bid dat die Heilige Gees saam met julle sal werk, die Woord sal bevestig met

groot tekens en wonders wat die gelowiges volg wat die Woord glo, wat oor hierdie platvorm hier gepreek word. God seën julle.

26 Nou, ek's 'n bietjie hees. Broer Williams het my so pas berispe. Ek het vir hom gesê ek het dit gehad, en sou môre na Ajo en 'n paar stede toe gaan. Ek probeer 'n plek kry om na toe te trek, hierbuite in Arizona, om hierbuite te woon. En dan, deur Arizona toe te kom, sou ek kom. . .En 'n kosbare broer, nou die oggend, nadat ek gepreek het oor *Die Koninklike Saad*. . .Nou, ek's nie 'n bandopname verkoper nie, julle weet dit almal, maar die seun hier oorkant het die bandopname. Nou, enigiemand wat 'n bandopnemer het, ek wil hê julle moet, as julle kan, daardie bandopname kry oor *Die Koninklike Saad*, van verlede Sondagoggend.

27 En Broer Fuller, hy het uitgegaan uit die, uitgegaan op die preekstoel nadat ek weg is, en vir die mense gesê om vir my te sê, ek kom, sy kerk oor te neem, hy en sy vrou opsigter sou wees. Wel, dit was baie gaaf. Broer—Broer John Sharrit met sy kerk, die mans. . .Maar ek nie. . .Ek, as ek na Phoenix toe sou kom, nee, meneer, sou ek geen kerk begin nie. Nee, meneer. Dis nie in my nie, sien, want as jy 'n kerk begin, is jy. . .

28 Sien, dis nie my idee om 'n kerk te begin nie, dis om te help wat alreeds begin is, julle sien. As ek Phoenix toe kom, is ek 'n sendeling, ek's in en uit om die wêreld, die heeltyd, sou ek, die pastoor my uitnooi, sou ek hier wees op een Sondag om hom te help, en volgende Sondag om die volgende kêrel te help, en volgende Sondag om die volgende kêrel te help, net oral waar ek kon om—om in te sit, en dit goed te maak vir almal, sien, al die denominasies en alles, om gemeenskap te hou.

29 En ek ver-. . .wou altyd na die weste toe kom, en ek, miskien. . .Die laaste band wat my aan die ooste verbind het, was my moeder wat pas Huis toe gegaan het om by Jesus te wees 'n paar weke gelede, en my vrou se moeder omtrent 'n jaar gelede. So nou is ons albei weeskinders, sonder vader of moeder op hierdie aarde, hulle het heengegaan om by ons Here te wees. En ons beplan om, miskien, as die Here wil, in die weste te kom bly. Bid vir ons.

30 Nou, nou, in die, voor ons die Woord nader. . .Ek wil uit die Woord lees, vanaand, en net vir 'n rukkie praat. En terloops, ek het vergeet, het Billy enige gebedskaartjies uitgegee? Hy het, ja. Goed, Meneer. Dis—dis goed. Dan sal ons. . .Dit gaan 'n klein plekkie wees vir 'n biduur, maar ek het dit gehad waar, iemand gesê het, party, saam, soos die pastoor eenkeer, partymaal wanneer hulle 'n klein kerkie het, miskien 'n honderd of twee kan huisves, sê hulle: "O, Broer Branham, my kerk was net groot genoeg!" Dis baie groot, die enigste Ding wat jy moet hê, is net 'n Woord van God, sien, dis al, maak nie saak waar dit is nie.

31 Ek laat nooit my dienste groot word nie, want wanneer jy dit doen, of een of ander radioverpligting, televisie, of iets, of ’n paar boeke, of druk, of iets, wanneer jy dit doen, net daar beperk jy jouself. Ek wil wees waar ek nie enige geld hoef te hê nie, ek het nog nooit in my lewe ’n offerande opgeneem nie. En ek—ek hoef nie geld te hê nie, en die plek kan nie te klein word nie, as dit in ’n huisbiduur is, is dit goed.

32 Ek het ’n herlewing gehou, net onlangs, waar die kerk, heeltemal vol, sitplek vir twintig mense gehad het, dis reg, twintig mense. Nou, as ek iets yslik groot—yslik groot gehad het, miskien ’n paar duisend dollar per dag gehad het, kon ek nie na so ’n plek toe gaan en dit doen nie, sien. Maar ek glo daarin om gelei te word deur die Heilige Gees, waar Hy jou ook al heen lei, maak nie saak nie.

33 En ek het oorsee gegaan, in Bombaai, Indië, ek het vir vyfhonderdduisend op een slag gepreek, Suid-Afrika, twee- of driehonderdduisend, ver buite, moenie. . . Sê: “Hoe kry jy die geld om dit te doen?” Wel, as God my stuur, stuur Hy altyd iemand saam met die geld, julle sien, so Hy is . . . Ons moet deur geloof lewe, julle weet. So dis ’n groot lewe, ’n geloofslewe, nie waar nie? Glo Hom net.

34 En—en ek sê van die beste dienste wat ek ooit gehad het, was kerke baie kleiner as hierdie een, en dis reg, waar ons net bymekaarkom en gemeenskap hou, en die Heilige Gees kom af, en dis waar Lewe gebore word. Uh-huh. Dis reg. Dis reg, is beslis.

35 Laat ons nou ons hoofde buig soos, voor ons Sy Woord nader. Ernstig nou, nadat ons voel dat ons bekend is en mekaar soort van ken, as daar ’n versoek hier is, vanaand, wat julle wil hê ek vir julle moet bid, vir *een of ander ding*, sal jy net jou kop oplig, of, jou hand, liewer, en sê: “Broer Branham, bid vir my.” God seën julle. Net oral rondom, die Hemelse Vader sien.

36 Nou, dierbare Here, die Almagtige God, die Vader van ons Here Jesus Christus, Wat weer die Dooies lewendig gemaak het toe Hy Jesus Christus uit die dood opgewek het, ons is so bly, vanaand, om te weet dat Hy opgestaan het uit die dood, en Hy nie meer dood is nie, maar vir ewig lewe. Tweeduisend jaar het gekom en gegaan, en tog is ons—ons met Hom vanaand, net so werklik as wat Hy in Galiléa gewandel het in Sy dae. Ons weet net eenvoudig dat Hy opgestaan het uit die dood, Homself bekendmaak aan ons in die vorm van die Heilige Gees, en ons is so dankbaar daarvoor, Here.

37 En om te sien, net nou, in hierdie bose dag waarin ons lewe, wanneer ongelowiges en—en wetenskaplikes, ensovoorts, probeer om die einste waarde van die Woord te ondermyn, tog lewe God in Sy Woord. En ons sien Hom Homself manifesteer, Homself net so duidelik en eenvoudig bekendmaak aan ons, ons is so dankbaar daarvoor, Here. En om te weet . . . Wat as ons buite

was vanaand, buite die Ark, en nie geweet het presies waar ons was nie, dwalende geeste soos die kraai wat losgelaat is uit die ark? Hy was tevrede om te lewe op die dooie karkasse wat nog op die water gedryf het. Maar soos die duifie sy pad moes terugvind na die ark en aan die deur klop, of, die venster, totdat Vader Noag haar ingelaat het, en ons is so bly, vanaand, om te weet dat Vader God ons in hierdie Ark ingelaat het.

38 En, vanaand, rus ons veilig, volkome in die versoening wat ons Here vir ons gemaak het, in hierdie wete, dat wanneer die oordele kom, dat ons bo die oordele sal dryf. Ons sal uit die wêreld geneem word en sal nie in die Oordeel hoef te staan nie, want ons Here het ons belowe in Johannes 5:24: "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie; maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe."

39 Nie 'n dwalende siel wanneer ons sterf nie, ons is in die Teenwoordigheid van God. Dwaal nie deur 'n eindelose Ewigheid, verlore, om te weet dat ons moet terugkeer en geoordeel word volgens die dade wat in die liggaam gedoen is nie, maar, Vader, vanaand het ons dit afgehandel by die altaar, en ons sondes het voor ons uitgegaan, en is geregverdig deur die Bloed van Jesus Christus, met die bewys daarvan, God het die Heilige Gees op ons uitgestort, en ons is nou verseël tot by ons Ewige Bestemming.

40 Ons het behoeftes, Here, soos ons deur die wêreld gaan, hierdie liggaam is nog altyd fisies, nog steeds gebore uit sonde, eendag sal dit gebore word uit God, maar vandag is dit gebore uit sonde. En ons sukkel soos ons loop deur hierdie donker, somber wêreld, en kyk na Bo waar Lig alleenlik vandaan kan kom. En ek bid, Hemelse Vader, dat U elkeen van daardie mense sal onthou wat hulle hande opgesteek het, van die geringste tot die belangrikste, van die jongste tot die oudste, antwoord, Vader, ek bid dat U hulle hulle versoeke sal gee.

41 En nou, soos ons die bladsye van die Boek omblaai, enigiemand wat kan, fisiese krag het, kan die bladsye omblaai, maar niemand kan Dit oopmaak behalwe Hy wat geslag is vanaf die grondlegging van die wêreld nie. Ons sien die Boek geneem word uit die hand van Hom wat op die Troon gesit het. Die Lam was in staat om Dit te neem en die Boek oop te maak en sy seëls te breek, so ons bid, Groot Lam van God, kom onder ons, vanaand, soos ons die Woord lees, maak Dit oop aan ons harte om ons geloof te gee vir die reis wat voorlê. Ons vra, in Jesus' Naam. Amen.

42 Nou, baie mense hou daarvan om soort van die teks te lees ensovoorts, soos ons Dit lees, en ek het 'n paar tekse ensovoorts neergeskryf, soos gewoonlik. En, vanaand, wil ek hê ons moet oorblaai na Rigters, die 6de hoofstuk, en vir 'n paar oomblikke

lees. En môre-aand wat die begin van die konvensie is, sal ek—ek probeer om julle nie langer as net ’n rukkie te hou vanaand nie, dan sal ons bid vir die siekes, en dan verdaag, en gereedmaak vir môre-aand. Sommige staan, en ek weet dis moeilik om te staan.

43 Ek het gegaan om my motor vol te maak vanmiddag, die seun was so stadig dat dit omtrent drie uur geneem het. En ek—ek het gemaai, ek reken wat ek gesaai het, om mense so lank te laat staan. So ek het begin kla, toe het ek net stilgebly toe ek daaraan gedink het, so ek het gedink: “Nee, hulle was, hulle het, hulle het nooit iets gesê nie, ek sal ook nie. So ek het dit net laat gaan.”

> *En die engel van die* H*ERE het aan hom verskyn, en vir hom gesê, Die* H*ERE is met jou, dapper held.*
>
> *Toe vra Gideon hom, Ag, my Heer, as die* H*ERE met ons is,. . .waarom het. . .waarom het al. . .*ons *dan oorgekom?. . .waar is al Sy wonders waar ons vaders ons van vertel het, deur te sê, Het die* H*ERE ons nie* uit *Egipte laat optrek nie? maar nou* het *die* H*ERE ons verwerp en ons oorgegee in die hand van die Midianiete.*
>
> *Toe draai die* H*ERE na hom toe en sê, Gaan in hierdie krag van jou, en verlos Israel uit die hand van die Midianiete: is dit nie Ek wat jou stuur nie?*

44 Mag die Here Sy seën voeg by hierdie Woorde. Nou, ons is almal bekend met die Skrif wat ek pas gelees het, almal, wat die Bybel lees. Dit was die tyd van die rigters, toe daar ’n, wel, soort van ’n tyd tussen-in was, van die konings, God het rigters gehad, en daar was verskeie rigters. En elke keer wat die. . .God die mense sou regkry, sou hulle almal probeer om—om reg te doen net nadat Hy oordeel of iets sou stuur, en dan voor jy jou kom kry, sou hulle weer afvallig raak. Dis net natuurlik vir mense om dit te doen, dis net menslik vir hulle om dit te doen, afvallig te raak. En—en net sodra hulle afvallig raak, dan kom God se oordeel weer reguit in. Sien? Jy kan nie verkeerd doen en wegkom nie, want God is regverdig.

45 Nou, Hy re-. . .Hy, om regverdig te wees, moet Hy—moet Hy Sy wette hou, en die wet sonder straf is nie wet nie. Sien? As daar ’n—’n sinjaal hierbuite in die straat is, en dit sê: “Stop,” is dit ’n wet vir jou om te stop, en as jy dan daar oorgaan en die wet het geen straf nie, dan is dit nie meer ’n wet nie, sien, behoort nie eens daar te hang nie.

46 En as God iets voor jou begin waai en vir jou sê dat jy verkeerd doen, en jy breek daardie wet van God wat jou waarsku, dan moet daar ’n boete betaal word, jy moet dit net doen. Jy moet dit doen, jy moet die boete betaal. “En die loon van die sonde is die dood.” So as ’n man God se wet oortree en dit aanhoudend doen, moet dan nie vir God blameer as iets met jou gebeur nie. Sien? As jy verlore is, kan jy nie sê: “Wel, dit was God se fout,” nie.

47 Ek het dit dikwels gesê, dat 'n man letterlik sy pad na die hel toe moet oopveg, hy kan nie maklik hel toe gaan nie. Nee, hy sukkel om hel toe te gaan, maar hy veg beslis sy pad reguit oop soontoe.

48 Onthou julle, seuns, die eerste klein mieliebaardsigaretjie wat julle gerook het? Weet julle wat? Mamma het gesê, jy weet, jy was bang jou Ma gaan dit aan jou asem ruik, so jy het 'n bietjie koffie gekry en dit geëet, of iets daar, jy weet, om—om te keer dat dit geruik word, Mamma het gesê: "Laat ek jou asem ruik." Sien?

"Mamma, daar's niks fout met my nie."

49 Wat is die eerste ding? Toe jy daardie eerste leuen gelieg het, het 'n rooi lig begin flits, "Vertel haar die waarheid. Wees eerlik, seuntjie, Mamma het jou geleer om dit te doen." Maar, jy sien, jy veg jou pad regdeur daardie versperring en rooi lig. Sien?

50 Onthou jy die eerste keer wat jy jou meisie verneuk het? Um-hum. Onthou jy die eerste keer wat jy—jy jou vrou kwaad gemaak het, vrou die man kwaad gemaak het, of so-iets? Onthou die eerste keer wat jy gehoor het dat daardie lied in die kerk gesing word en Iets aan jou hart geklop het, en jy net jouself geskud en weggedraai het? "Ek sal dit een of ander ander tyd doen."

51 Daardie is almal rooi ligte, sien, sien, en jy loop net reg bo-oor hulle, waarskuwings, "Moenie die pad volg wat jy volg nie, klein seuntjie, klein dogtertjie, draai terug na My, Ek is jou Skepper," maar jy loop reguit aan daardeur.

52 Jy kan niks anders verwag nie, moet dit nie op God sit nie. As jy oor daardie stoplig gaan daarbuite, moenie sê: "Die stad is te blameer," nie. Nee, meneer, jy's die fout. Daardie stoplig is daar om jou te beskerm, en jou te help, en jy moet dit gehoorsaam. En dan is dit nie die stad se fout nie, dis jou fout, want jy moes gestop het toe die waarskuwing gekom het.

53 En wanneer jy daardie gonsertjie onder in jou hart voel wat jou waarsku, dan beter jy net daar stop en besin. Soos ek het, gepreek het in die aande van die mense wat weggedryf het van God af, wanneer jy die Woord hoor, kom reguit terug, na die werklike Woord van God. Daar's 'n gonsertjie, jy beter daarna luister. Um-hum. Nou, moenie daar bo-oor loop nie, want jy sal nooit enigsins verder kom totdat jy reguit terugkom na hier waar jy Hom gelos het nie.

54 Jy sal. . .Waar jy Christus verlaat, deur nie Sy Woord te gehoorsaam nie, net daar sal Hy jou verlaat, of, nie jy ver-. . . Hy verlaat jou nie, jy verlaat Hom. Sien, jy verlaat—verlaat Hom altyd, want Hy het jou op die pad, Hy probeer jou lei, maar sien, wanneer jy Hom verlaat, dan moet jy reguit terugkom na waar jy Hom gelos het, om weer te begin.

55 Ek het 'n kapelaanvriend gehad wat my vertel het van 'n geval in die tweede Wêreldoorlog. Daar was 'n—'n kaptein wat

geskiet is met ’n masjiengeweer met ’n—’n, ek reken omtrent ’n .50 kaliber masjiengeweer, hy was oor sy bors geskiet, en hy was—hy was besig om te sterf. En hierdie kapelaan is na hom toe geroep, hulle het vir hom gesê om uit te gaan na die tent, hulle het hom net opgemerk, in die hospitaaltent, dat hy op sterwe was. Hy kon nie lewe nie, hy was alreeds deurtrek van die koeëls en hy kon nie lewe nie, hy het inwendig gebloei.

En so, het die kapelaan gesê hy het ingekom na die man toe, waar hy was, en hy het gesê: “Kaptein, is—is jy ’n Christen?”

Hy het gesê: “Ek was gewees.”

En hy het gesê: “Jy was gewees?” Gesê: “Wel, jy behoort nou te wees, want jy weet jy’s besig om te sterf.”

Hy het gesê: “Ja, meneer, ek weet dit.”

56 Hy het gesê: “Nou, Kaptein, dink nou terug met alles, nou, jy beter vinnig dink, want jy het nie baie tyd nie, maar dink terug, al die pad terug, na waar jy Christus gelos het, en net waar jy Christus gelos het, dan begin jy net daar, en begin net daar, want jy sal Hom vind net waar jy Hom gelos het.”

57 Nou, jy mag Hom gelos het by—by ’n—’n Doktrine in die Bybel, Iets wat vir jou gesê het: “Jy mag nie steel nie,” jy het reg bo-oor dit geloop: “Jy mag nie lieg nie,” reg bo-oor dit geloop: *iets-dergliks* wat jy nie moes gedoen het nie, en tog loop jy reg bo-oor dit, nou, jy sal reguit moet terugkom en dit weer net daar optel.

58 En so, het hierdie kaptein inwendig gebloei, en die bloed wat in sy longe gevloei het, en hy het baie vinnig asem gehaal, en hy het geweet hy gaan. Gesê: “Jy beter opskud, Kaptein, en dink.”

Hy het gesê: “Ek onthou net nie presies nie.” En naderhand het ’n lig oor sy gesig gekom, hy het gesê: “Ek onthou, ek onthou net waar ek Hom gelos het.”

Gesê: “Goed, Kaptein, begin net daar.”

59 En hy het gesê:

Nou gaan lê ek om te slaap,
Ek bid dat die Heer my siel bewaar;
En as ek sou sterf voor ek ontwaak,
Bid ek dat die Heer my siel sal neem.

60 En hy het omgeval. Waar het hy Christus gelos? By die wiegie, sien, aan moeder se voete, sien, as ’n klein seuntjie. Hy moes die heelpad teruggaan soontoe om Hom op te tel. Dis waar jy Hom sal optel, waar jy Hom gelos het.

61 Israel, wat altyd uit harmonie met God uitgegaan het; niks gaan reg totdat jy terugkom in harmonie met God nie. En nou, hulle was pas verlos van ’n—’n vreemde leër, en in plaas van om na die Here te draai, het hulle weer reguit omgedraai van Hom af.

62 Is dit nie vreemd nie? Ons sal siek word, die baba sal so siek wees dat ons net nie weet wat om te doen nie. Moeder sal haar hande vryf, en sy en Pa sal sê: "O God, ons sal U dien as U net hierdie babatjie sal genees." En die baba word gesond, dan vergeet julle daarvan. Sien? Sien? So maklik om daarvan te vergeet. Ja, meneer.

63 En jy sal 'n ongeluk sien wat net amper jou lewe neem en jy sal sê: "O, as ek sou gesterf het! Here, dankie dat U my gespaar het, ek gaan U dien." Dan daarvan vergeet, sien, totdat een jou klaar gevang het, julle sien, en dan—dan is dit te laat. Sien, jy—jy altyd, die mense vergeet God gewoonlik, hulle doen dit nie altyd nie, dank God daarvoor, maar, meestal, is dit so maklik om te vergeet wanneer alles goed gaan.

64 Dan, julle weet, Hy het gesê as jy Hom sou versaak, en Hom nie wil dien nie, dan wanneer jou probleme kom, sou Hy net vir jou lag, jy sien. So julle moet onthou, ons moet God eerste hou, altyd.

65 Nou, die mense het God verlaat en die verkeerde pad gevolg, en so sou die Midianiete, en die Filistyne, en verskillende nasies inkom en hulle oorneem.

66 Nou, ons het nie Midianiete en Filistyne nie, maar ons het baie erger, die wêreld kom reguit in, vreet ons op, trek ons net reguit af, sien, ongeloof. En ons kom net weg van die Geesdeel van die Kerk af, en die Geesdeel van God, gaan uit in die formele in, en net: "Aangename kennis, Pastoor?" Ek wil my brief neem van *hierdie* kerk hier oorkant af, want hulle, Suster *So-en-so*, ek en sy praat nie, so ek gaan dit na jou huis toe bring." Sien? Daar het julle dit. O, ja, sien. En dan, daar, julle sien, gee ons net briewe aan. Maar wanneer jy dit eenmaal op die Lam se Boek van die Lewe skryf, dan is dit by die Huis. Sien? Dis reg.

67 Nou, maar ons vind uit dat hierdie dinge gebeur. En die—die tyd het aangebreek, in hierdie geval, vir aksie, want die Midianiete het ingekom soos sprinkane oor die land. En die Israeliet moes gate in die berge grawe om weg te kruip, daar agter in te gaan en 'n bietjie kos weg te steek om te lewe, net agter in te gaan, baie ver agter, om weg te kom van hulle af, omdat, wel, hulle het ingekom, net swerms van hulle.

68 Hulle sou hulle skape, hulle beeste, hulle osse bring, en alles opvreet wat die Israeliete geplant het, al hulle oeste en dinge soos daardie, en hulle terug te jaag, sodat hulle—hulle van hulle ontslae sou raak, en so, opgevreet wat hulle gehad het. Hulle hulle nie doodmaak nie, hulle die volgende jaar laat terugkom en 'n oes hê, omtrent die tyd wat die oes ryp geword het, hier sou hy weer inkom, hulle wegneem.

69 So ons vind uit dat daar 'n dapper held was, wat regtig nie gesê het hy was nie, maar hy het sy koring gedors onder by deur die parskuip, probeer om 'n bietjie bymekaar te maak om vir sy

familie te sorg vir daardie jaar, sy naam was Gideon, later 'n rigter geword in Israel.

70 Nou, ons vind uit dat voor God ooit verlossing vir Sy mense stuur, nou, ek wil hê julle moet dit nou begryp, vir wat hierna moet volg, voor God verlossing vir Sy mense stuur, stuur Hy altyd 'n profeet om hulle te sê, stuur altyd Sy profete, want, meeste van die tyd, wil mense nie Sy Woord lees en bestudeer nie, hulle gaan sluit net eenvoudig by die kerk aan, en laat dit so gaan, hulle gaan sit nie en lees nie.

71 Die Heilige Gees, Dit voed op die Woord van God. Jesus het gesê: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." So wanneer jy gered word, is die beste ding om te doen om met jou Bybel te gaan sit, die heeltyd te lees, dit bou jou op, jy sien wat God gedoen het. Dis nie soos om 'n roman te lees nie, jy lees sodat jy jou siel kan hang aan elke punktuasie Daarin, dis reg, want Dis die Woord van God, julle sien.

72 Elke keer wat God enigiets sê, weet julle hoe ek dit beklemtoon? Met 'n "Amen." Dis reg. "Laat dit so wees." Dis reg. Wat Hy gesê het is reg, en so behoort ons al God se Woorde te beklemtoon met 'n: "Amen." Wanneer God sê: "Jy sal," "Sal nie," ensovoorts, sê: "Amen. Amen." Moenie sê: "Wel, ek glo dit behoort *so* te wees," nie. Sê net: "Amen," op wat Hy sê, dit—dit is dit.

73 So toe, God was—was goed vir hulle, en hulle—en hulle het dit nie verdien nie. Maar toe, voor hierdie groot gebeurtenis plaasgevind het, vind ons uit dat 'n profeet na hulle toe gestuur is, en hy het die Woord van die Here vir Hom gespreek. En dan let ons op onmiddellik na daardie profeet se Boodskap, toe het Hy na Israel toe gekom, en gesê: "Ek is die God wat julle uit Egipte uitgebring het. Ek is die Een wat vir julle die land gegee het waarin julle woon, en Ek het al hierdie dinge vir julle gedoen."

74 Sien, die profeet wys altyd terug na die groot, bonatuurlike God, 'n ware profeet van God, wat 'n ware prediker is, op 'n preekstoel. 'n—'n Moderne dag profeet is 'n—is 'n prediker, so 'n regte egte profeet wys terug na die Woord van die Here, die belofte van die Here, nie die verklaring wat die—die kerk gemaak het nie, maar 'n—'n verklaring wat God gemaak het. Sien? Terug na die Woord van die Here.

75 So God het met hierdie profeet gepraat, en hulle, die Midianiete het alles gevat wat hulle gehad het, en hulle was aan die doodgaan van die honger, en Hy het gesê: "Onthou julle nie dat Ek die God is wat julle uit Egipte uitgebring het nie? Weet julle nie dat Ek al My wonderwerke daar in Egipte gedoen het nie? Weet julle nie Ek het die Skelfsee oopgemaak nie? Ek het julle vaders vir veertig jaar in die woestyn gevoed, die vyande om hulle verslaan. Het Ek nie die Amalekiete en al die res voor

julle uitgeneem nie? Ek is die God, draai net terug na My, kyk na My."

76 En onthou, altyd, of, onmiddellik na daardie profeet se Boodskap, begin God werk. Nadat die profeet die Woord gegee het, dan begin God werk met die Woord. Eers, moet Dit eers uitkom, die Woord moet eers gepreek word: "Geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord van God." Die ware profeet staan by die ware Woord van God en gee nie toe Daarop op enige manier nie, maar sê vir die mense dat "Jy moet weer gebore word. Die belofte kom julle toe, en julle kinders, hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep," as hy 'n ware profeet is.

As hy nie is nie, sal hy sê: "Wel, nou, ons glo dat . . ."

77 Wie is "ons"? Nie God en Sy profete, en God en Sy Engele, en God en Sy Woord nie. Hulle sê dat "Hemel en aarde sal verbygaan," het Jesus gesê: "maar My Woord sal nooit faal nie." Dis reg. "As enigiemand byvoeg by, of enige van die Woorde van die profesie van hierdie Boek wegneem, dieselfde sal uit die Boek van die Lewe weggeneem word vir hom." So julle sien, die regte egte profeet bly by die Woord.

78 En hy het hulle begin wys wat plaasgevind het. En onmiddellik het God op die toneel verskyn, onmiddellik na die profeet se Boodskap. Dit was altyd so, dat God, onthou nou, God beweeg na die profeet as die profeet die Woord van God het: "Want My Woord sal nie leeg na My toe terugkeer nie, maar dit sal bereik waarvoor Dit gestuur is, die doel waarvoor Dit gestuur is."

79 Dit sal moet kom, daar sal 'n groep wees wat net sal, soos om water op 'n eend se rug te gooi, maar daar sal iemand daar wees om Dit te kry, want God stuur Dit. Amen. Goed. Sien? Die Woord sal nie leeg terugkeer nie, Dit sal bereik waarvoor Dit bedoel was.

80 En nou, hierdie profeet het gestaan en geprofeteer. Die rede waarom God 'n profeet stuur, die mense kom so ver van God af weg deur tradisies van die oudstes ensovoorts, en hulle bring alles in die kerk in wat wêrelds is, en voor jy jou kom kry, gee hulle *hier* 'n bietjie toe en *daar* 'n bietjie, en 'n bietjie *hier* en 'n bietjie *daar*, en voor jy jou kom kry, is dit niks anders as 'n organisasie nie, dis niks anders as net soos 'n losie nie.

81 Die mense kom soontoe en hou—hou allerhande sop-aandetes, en danse, en bunko's, en al die res in die kerk, en dis niks meer as 'n—as 'n losie nie. Dis reg. Maar dan, julle sien, dan is dit ver weg van die Woord af. En baie eerlike siele het buite in daardie groot lykshuise gesit daarbuite en gedink: "Hierdie is *dit*."

82 En voor God Sy Oordeel stuur, voor Hy enigiets laat gebeur, voor daar verlossing vir die Kerk kom, is God regverdig en Hy stuur 'n Stem deur die land wat die Woord van die Here God

spreek. Dan sodra God Sy Woord spreek, is God in Sy Woord om Dit werklik te maak en Sy Woord te manifesteer wat Hy gesê het.

83 God is regverdig, Hy kan net niks anders as 'n regverdige God wees nie. Sien? Hy staan reg agter Sy Woord. Wanneer daardie ware Woord uitgaan, het Jesus gesê: "As julle in My bly, en My Woorde in julle, vra dan wat julle wil, en dit sal vir julle gedoen word." Want Dis God se Woord, Dit moet voortkom.

84 Nou, hoe...? God kom nie af en spreek Dit letterlik met Sy Stem uit die Hemel nie, Hy het Dit op papier geskryf en verwag dat ek en jy die Heilige Gees sal ontvang, om daardie Woord te glo. En wanneer ons daardie Woord spreek, as Dit God se ware Woord is, staan God Daaragter. Dis reg. God doen die wonderwerke deur die hande van Sy kinders.

85 Soos ek hier 'n paar aande gelede in 'n kerk gesê het, Hy is die Wynstok en ons is die lote. Die wynstok dra nie vrugte nie, dis die lote wat vrugte dra, maar dit kry sy energie van die wynstok af. Jesus Christus, die Heilige Gees, kom in die menslike liggaam in, kry Sy Eie Woord beet en beweeg dit, wys visioene, praat in tale, profeteer, Hy doen allerhande werke om Sy Woord te bevestig deur menslike bemiddeling, dis presies wat Hy gedoen het.

86 "Julle is My getuies. Julle sal krag ontvang, nadat hierdie die Heilige Gees oor julle gekom het, en dan is julle My getuies," Sien? Jy moet die ding eers regkry. "Wag in die stad van Jerusalem, totdat julle toegerus is met Krag. Dan is julle My getuies. Net in Jerusalem alleen." Nee: "Jerusalem, Judéa, Samaria, en tot aan die uiterste van die wêreld, is julle My getuies."

87 Na die—die—die wynstok en die loot verbind is aan mekaar, of, na die wynstok 'n loot voortgebring het, want as een ingeënt is, sal dit nie die regte soort vrugte dra nie, maar as die wynstok self 'n loot voortbring, sal dit wees, die soort lewe wat in die loot is, sal in die wynstok wees wat die vrugte dra. Daarom, sê 'n ware profeet van God die Woord van God is reg van A tot Z, elke Woord Daarvan, Dis die waarheid.

88 Nou, die rede waarom God dit met daardie manne doen en daardie manne stuur, is omdat as mense nie die Bybel wil bestudeer nie, hulle wil nie die Bybel lees nie, hulle wil nie bestudeer nie, hulle wil nie bid nie, nie meer as om 'n gebedjie uit te skryf en dit in die oggend op te sê, of *so-iets*, of 'n paar bidsnoere te vryf, en *een of ander iets* te sê, en, of ave Maria en net...?...iets, maar dis nie dit nie. Sien? Maar God stuur 'n ware profeet, en die Woord van die Here kom na die profeet toe, altyd. Die Woord van die Here kom na die profeet toe.

89 En dan as die Woord van die Here in die profeet is, en die mense God dan in aksie kan sien, God se Woord in aksie in die profeet, daar het julle dit, want God bevestig Sy Woord.

90 Kyk na Petrus, hy het God sien werk. Kyk na Paulus, het God sien werk. Kyk na die profete van ouds, hulle het God sien werk. Presies reg. Jy neem 'n man vandag, 'n prediker wat die volle Evangelie preek, die doop van die Heilige Gees, hulle sal na daardie manne kyk en God sien werk, hy sal 'n lewe hê wat enige plek sal reflekteer, bo verdenking, enigiets. Sien? Dis God wat werk en die mense kan sien. "Julle is geskrewe briewe." Watter soort brief? 'n Brief van God, God wat getuig dat Hy jou gestuur het.

91 So ons vind uit dat Hy Sy profete stuur, en hulle is die ding wat verlig en die Evangelie aan die mense wys. Prys God, ek—ek hou daarvan. Wat uit die kweekskool van die Hemel kom, ja, meneer, en God wat bevestig dat hulle Daaruit kom, sonder om so baie te weet van *genologie* af, maar 'n klomp *knie-ologie* wat uitkom. Dis reg. Nou, nou let op, nou, wanneer ons. . .

92 Gideon, hy sou in 'n verskriklike toestand gewees het. Hy was daarbuite besig om sy koring te dors, en voor jy jou kom kry, het hy daar oorkant gekyk. . .En hy het pas daardie profeet se Boodskap gehoor. Nou, julle sal dit vind in die 7de tot die 10de vers, julle kan vind waar hy ontmoet het, die—die—die profeet het gekom en die—die Boodskap gegee, vir hulle gesê dat om te onthou dat God God is, en Hy is dieselfde God wat hulle verlos het, en vir hulle om net na Hom toe terug te keer. Nou, sou dit nie 'n Boodskap vir vandag wees nie? Goeiste, dit sou beslis.

93 God is nog altyd God. God is 'n God wat by Pinkster was, God is 'n God wat in die brandende bos was, God is 'n God wat die Skelfsee oopgemaak het. Wat gee ons om vir waterstofbomme, of neerslagskuilings, of wat-nog die mens kan maak? "God is ons Toevlug en Krag, baie teenswoordige Hulp in die tyd van probleme." Hy is nog steeds God van Abraham, Isak, God van Dawid. Sekerlik. Hy is nog steeds God. Ons wil net die Woord hoor, dis wat. . .Ons is dankbaar dat ons die Woord gehoor en gevind het dat Dit so is. Ja, meneer.

94 Hy is 'n Rots, 'n sterk Toring, en Hy is 'n Skuiling in die tyd van storms, so Hy is ons Skuiling: "Die regverdige vlug in hierdie Toring in, en is beskut." Ja, hulle is veilig, dis reg. Hy is op die bof, hy word geroep: "Veilig!" volgens die Hoofskeidsregter, dis reg, dat hy veilig is. "Hulle wat op die Here wag, ontvang nuwe krag." Hy is die Toevlugsoord.

95 Nou, Gideon, toe hy daarbuite was en sy koring gedors het, het daardie profeet se Boodskap ongetwyfeld deur sy hart gegaan, wat daardie profeet gesê het: "Ek is die God van—van Abraham, Isak, Jakob. Ek is die Een wat julle uit Egipte uitgebring het. Ek is die Een wat julle gegee het wat julle het. Draai na My!" En daar het hy en sy vader daarbuite hierdie koring gedors, en 'n Engel het na hom toe gekom, of, hy het gedink Dit was 'n Engel, dit het geblyk dat Dit nie 'n Engel was

nie, Dit was God Self, want jy het, kyk, hoofletter H-E-R-E, jy sien.

96 En toe Hy met Gideon gepraat het, was Gideon 'n bietjie verbaas, Hy het gesê: "Nou, dapper held," hy het nie geweet hy was nie. Miskien weet jy nie jy is nie. Julle, mag baie van daardie dapper manne wees vanaand, wat hier sit. Julle sê: "Die—die klein kerkie, klein groepie?" O, goeiste. Daar was net twee daar, hy en sy pappa. Daar moet net twee hier wees, jy en Christus, dis al wat dit neem om 'n dapper held te wees. Dis reg.

97 Nou, voor jy jou kom kry, wat gebeur het, sodra Hy met Gideon gepraat het: "Jou dapper held," hom genoem, wat hy kon doen.

98 En hy het gesê: "Nee, Here, nee, Here, ek—ek net, ek—ek—ek kan dit nie glo nie." Nou, Hy het gelyk soos, waarskynlik, 'n ou, kaalkop Man wat daar oorkant sit en leun teen 'n bos, julle weet, wat agter teen die bos sit, miskien 'n skaapvel om Hom gedraai, of *so-iets*, stok in Sy hand, Hy was nie veel om na te kyk nie.

99 En Hy het gesê, vir hom gesê Hy het gekom om hom opdrag te gee om Israel te gaan verlos. Die profeet het klaar sy Boodskap gegee, so Hy het gesê: "Ek stuur jou om dit te doen."

"Wel," het hy gesê: "Nee, Here, nee. Nee, nee. Ek weet die profeet mag *so-en-so* en *so-en-so* soos daardie gesê het, maar—maar onthou. . . "

Hy het gesê: "God is met jou."

Hy het gesê: "As God met ons is, waar is al Sy wonders dan?" Daar's die vraag.

100 Wel, nou, wat as hy sou gesê het: "O, sekerlik, ons organisasie het tienduisend gegroei vanjaar, God is met ons. Nee, elkeen van ons het so vooruitgegaan, alles het vooruitgegaan dat elkeen van ons twee Cadillacs elk het"? Dis wat julle. . .kan nie deesdae geestelik wees voor jy drie of vier Cadillacs besit nie, julle weet, 'n vloot van hierdie soort goed, sien, so-iets, die grootste ding het wat daar in die land is.

101 Maar luister, nee, hy—hy kon dit nie begryp nie, hy het dit nie gesê nie, julle sien. Hy het gesê: "As. . . " Vandag sê ons: "Wel, hoe weet jy God is met ons? Want ons groei in getalle, ons het meer kerke as wat ons ooit gehad het. Ons het. . . Wel, julle weet, selfs die burgemeester van die stad kom na ons kerk toe. Ons weet, ons—ons—ons is die grootste kerk in die. . .ons is die beste wat daar is, ons weet dat God met ons is omdat ons mense vooruitgaan, hulle beter klere dra, hulle is—hulle is, hulle het beter huise." Dis—dis alles reg, ons is dankbaar daarvoor, maar dit is nie 'n teken dat God met julle is nie.

102 Gideon het geweet waarvan hy praat, hy het gesê: "Dan, Meneer, as God met ons is, waar is al Sy magtige wonders?" Dis reg. "Daardie profeet het vir ons gesê dat Hy 'n God was wat ons

uit Egipte uitgebring het, Hy het die land getref, Hy het hulle verlos, Hy is 'n God van verlossing. En as Hy ooit God was, is Hy nog steeds God."

103 Ek sê dieselfde ding, vanaand: As Hy ooit God was, moet Hy altyd God bly. As Hy ooit die Almagtige was, is Hy nog steeds die Almagtige, Hy is beslis. Die Bybel het gesê Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, Hebreërs 13:8: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid."

104 Hy het gesê: "Nou, as Dit God is, as God met ons is, waar is al die wonders? Waar is al die tekens wat Hy gedoen het?" Nou, hulle mag allerhande soorte tekens en alles gehad het, maar hulle was nie Skriftuurlike tekens nie. Nou, jy—jy moet 'n Skriftuurlike teken hê.

105 Jesus het gesê. . .Party van hulle het gesê: "Wel—wel, as ons meer lidmate het, as ons 'n groter organisasie het, as ons *dit*, *dat* of *ander*, beter geklede mense het, as ons kerke groei, ons organisasie, ons denominasie, ons—ons—ons predikers beter opgelei is, is dit nie 'n teken dat God met ons is nie?" Nee, meneer, het niks daarmee te doen nie.

106 Jesus het nie gesê: "Hulle sal beter organisasies hê soos hulle groei en—en My dien, hulle sal beter kerke hê soos hulle groei en My dien," nie. Jesus het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, en met nuwe tale praat." Daar het julle dit, dis Skriftuurlike tekens. Ja, meneer. As Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, waar is Hy dan? Ons het 'n reg om dit te sê.

107 Toe Elisa vir Elía gevolg het, en hy gesê het: "Ek gaan vir een ding vra, dis 'n dubbele porsie van die gees wat op jou is," en hy het sy kleed afgegooi, soontoe geloop, daardie kleed uitgetrek, die Jordaan geslaan, en gesê: "Waar is die God van Elía?" sy het weer oopgegaan.

108 En as die Kerk vandag. . .As Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, het ons 'n reg om Hom aan te roep en te sê: "Waar is die—die belofte wat Jesus Christus gemaak het? 'Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld.' Waar is Sy belofte? Laat ek Hom Sy werke sien doen."

109 Die ding wat dit moet verg, is eerste, Sy Woord. Moenie hier uitgaan met een of ander opgewerktheid en glo jy kan dit doen nie, jy moet terugkom na die Woord toe, toestande regkry. Jy moet, jy moet Sy Woord glo, en optree volgens elke Woord wat Hy gesê het, om die magtige werke van God te sien. Nou, onthou, as julle dit net sal doen, sien, Sy Woord glo, wat Hy gesê het, en dan daarvolgens optree. Glo julle dit?

110 Nou, jy kan nie net naderstap en handskud met die prediker, en 'n soutpotjie vat en 'n bietjie water bo-op jou sprinkel en sê: "Nou, is dit alles verby, gee hulle die regterhand van gemeenskap," nie. Dit is nie Skriftuurlik nie. Nee, dit is nie reg

nie. Jy kan dit nie doen nie, jy moet die Woord volg, jy moet presies doen wat God gesê het om te doen. Dis reg.

111 Jy kan nie sê: "Wel, ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is, ek glo ek het die Heilige Gees ontvang toe ek geglo het," nie. Dis nie wat die Bybel gesê het nie. Nee, meneer, dit is nie. Jy kan glo, dis reg, vir die Ewige Lewe, maar dan moet jy God dit laat verseël met die Heilige Gees. "Het julle die Heilige Gees ontvang *nadat* julle geglo het?" Sien? Nie wanneer jy glo nie, maar nadat jy glo, ontvang jy die Heilige. . . Nadat jy geglo het, toe is jy verseël met die Heilige Gees van belofte, sê die Skrif, *nadat* jy geglo het. Dis reg. Maar eers moet jy dit glo en daarvolgens optree.

112 Jy kan nie sê: "O," daar's baie simpatiseerders wat sê: "o, die Bybel is reg. Ja, Broer Branham, ek glo dit, die Bybel is reg, maar jy weet, ek—ek weet nie." Daar het julle dit: "*Maar* [Eng. "but"—Vert.] ek," sien, daar het julle dit, net soos 'n ou bok wat kopstamp [Eng. "butting."], julle weet, net, sien, "*Maar*, dis alles reg, *maar* jy weet, o, ons pastoor glo dit nie. Dis alles reg, *maar* ek—ek glo nie dit kan gedoen word nie." Sien, daar—daar is dit weer, julle sien. Jy sal nooit sien dat dit gedoen word nie. Jy moet optree, jy moet iets doen.

113 En wanneer julle God se belofte aanvaar, en weet dat dit God se belofte is, en daarvolgens optree, sal julle die magtige wonders van God sien terugkeer na die Kerk van die lewende God. Dis reg, julle sal dit doen.

114 Nou, dink net hieraan, vriende: Hoe kan God lieg? Gaan julle 'n kerk glo? Toe ek die eerste keer. . . My—my moeder was op sterwe nou die dag, sy het gesê, vir Delores vertel, dis my suster, nege seuns en 'n dogter, Delores was die jongste, sy het gesê: "Delores, jy's my jongste. Jy het my liefgehad, en gehelp, afgekom en vir my gewas, en vir my gesorg vandat ek oud geword het."

115 Gesê: "Billy, jy's my eerste." Gesê: "Jy het my gevoed, en toegesien dat ek nie honger gely het nie, en—en lank terug voor jou pappa gesterf het, vyftien, vyf-en-twintig jaar gelede," en gesê: "jy het altyd vir my omgegee, en toegesien dat ek kos, en brandstof, en alles het." En gesê: "Billy, jy was 'n gids, geestelike gids vir my, wat my na die Here Jesus toe gelei het." En gesê: "Nou, vandag, gaan ek, en ek's bly, ek wil so graag Huis toe gaan, ek weet nie wat om te doen nie."

116 Nou, toe het ek daar gestaan, en ek het gesê: "Mamma, jy weet ons agtergrond is Katoliek, daarom, toe ek 'n klein seuntjie was en daardie Stem met my gepraat, gesê het: 'Moet nooit rook, drink, of enigiets nie, daar's 'n werk vir jou om te doen wanneer jy ouer word,' het ek afgegaan na die Katolieke kerk toe om uit te vind. Die priester het dit gesê, hy het gesê: 'Jy weet, ons is die Kerk, ons is die liggaam van mense. God is in Sy Kerk.'

117 "Wel, toe, het ek gedink: 'Dit is nie reg nie, soveel van hierdie verskillendes, ek moet gaan kyk wat die ander een gesê het.' Ek het na die Lutherane toe gegaan, hulle het gesê: 'O, nee, *ons* is die Kerk.' Ek het uitgevind wat 'n *kerk* was, was 'n liggaam van mense wat uitgeroep is. Wel, hulle, Lutherane het na een kant toe gewys, Katolieke 'n ander, Baptiste 'n ander, Metodiste 'n ander, Presbiteriane 'n ander een, ek kon geen geloof daarin hê nie. Watter een is, watter een die Kerk? Elkeen het iets gehad wat goed geklink het.

118 Julle weet: "Wel," het ek gesê: "Moeder, ek het reguit teruggegaan na die Bybel. 'Laat elke mens se woord 'n leuen wees en Myne waar.' En ek het daardie Bybel gevolg net wat Dit gesê het, en ek het dieselfde resultate gekry wat hulle destyds daar het. So ek's . . . " En ons het daarop gerus, dis dieselfde resultate. God moet Sy Woord hou, dis reg, waar, as ons Dit net sal glo, Dit gehoorsaam, Dit aanvaar, en Daarvolgens optree.

119 Noag het 'n belofte van God gehad, Dit was God wat met Noag gepraat het, maar Noag, voor hy die magtige wonderwerk van God kon sien, moes hy begin werk aan die ark, hy moes die ark bou deur aan 'n Woord vas te hou, die plank in te kap, die pik uit te slaan, dit in die hout in te gooi. Hy moes die ark gereed maak toe dit kranksinnig geklink het vir almal. Maar wat het hy gedoen? Dit in elk geval gereed gemaak. Hy moes meer as 'n honderd-en-twintig jaar daarmee besig gewees het, om die ark te bou, steeds geen teken van enigiets anders nie, maar hy het vasgehou aan die Woord, hy het opgetree volgens sy opdrag. Amen. Hmm!

120 "Gaan julle in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie aan elke skepsel." Tree op volgens julle opdrag, kyk wat God doen. Tree op volgens julle opdrag. "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg," Sien? Tree op volgens julle opdrag.

121 Jy sê: "Ek het die Woord van God ontvang." Daar is vir jou gebid, en die Heilige Gees het jou genesing belowe, dan gee ek nie om hoe lank dit neem voor dit kom nie, tree steeds op volgens jou opdrag, tree op asof jy genees is, deur God te prys, hou net aan. Dis reg.

122 Jy sê: "Wel, Broer Branham, ek het nog nooit die Heilige Gees ontvang nie." Aanvaar die belofte en hou aan opt- . . . Nou, moenie net sê jy het Dit omdat jy dit gesê het nie, dit sal nie werk nie.

123 Wat as die dissipels, nadat hulle gesê het: "Jesus het vir ons gesê om nou hier op te gaan en te wag, Hy gaan die Belofte op ons stuur," en omtrent nege dae, mag Matthéüs miskien, of sommige van hulle opgekom het, of sê, miskien was dit Filippus, of sommige van hulle, wat opgekom en gesê het: "Petrus, glo jy nie ons het Dit alreeds ontvang nie? Dink jy nie ons het Dit alreeds nie? Want kyk, Hy het ons opdrag gegee om hier op te kom

en te wag, sien, en ons—ons was al hierbo, hierdie is nege dae. Jy weet, nou die dag het ek soort van 'n gevoel gehad, miskien, dat Hy Dit alreeds vir ons gegee het. Ek glo ons beter Dit aanvaar in geloof en voortgaan"? O, goeiste!

124 Nee, meneer, hulle het daar gebly en gewag tot die bewys gekom het. Amen. Hulle het daar gekom en gebly totdat hulle iets gesien het waaraan hulle kon vashou en sê: "*Hierdie* is Dit." Hoekom? Hulle het 'n Skriftuurlike bewys daarvan gehad.

125 Hoe het hulle geweet hulle gaan Dit kry? Jesaja het gesê in Jesaja 28:19: "Gebod moet op gebod wees, reël op reël, hier 'n bietjie, en daar 'n bietjie. Hou vas aan dit wat goed is. Want met lippe wat hakkel en ander tale sal Ek met hierdie volk spreek. En dit is die rus wat Ek gesê het hulle sou sien."

126 Joël, Joël 2:28 het gesê: "Dit sal gebeur in die laaste dae, sê God: dat Ek van My Gees sal uitstort op alle vlees; en julle seuns en julle dogters sal profeteer. Op My diensmaagde en diensmeisies sal Ek van My Gees uitstort." Hulle het gewag vir iets om te gebeur waarna hulle kon kyk en sien. As Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, laat ons sien wat Hy belowe het om te doen, kom ons bly daarby totdat dit kom. Ja.

127 Noag het net aan die ark gebou, daaraan vasgehou, die heeltyd gepreek, reg in die deur van die ark gestaan, vir hulle preek, aangehou bou en preek vir hulle. Dis 'n ware profeet van God vandag, wat reg in die Ark, Christus Jesus, staan. "As julle in My is, My Woorde in julle," hou net aan bou, hulle in te kap oral waar hulle is, elke gat toe te smeer, moenie dat die duiwel 'n gat nêrens kry nie, nee. Nee, meneer. Bly reg in die Deur en preek, staan reg in die Deur van die Ark en preek, die Ark, die Deur, Christus is die Deur van die ark, dis presies reg: "Ek is die Deur van die skaapkraal." En so bly net daar en preek.

128 Noag, voor hy die magtige wonderwerke van God gesien het om te weet dat Hy God was, het hy eers die belofte gesien, die belofte gekry, daaraan vasgehou, en opgetree volgens die belofte totdat hy die magtige wonderwerk van God gesien het. Amen. Ja. Toe het hy die magtige wonderwerk van God gesien.

129 Moses, wat op sy pad na Egipte toe was met 'n stok in sy hand, soos ek nou die aand gesê het, 'n een-man inval wat afgaan om oor te neem met 'n ou, droë stok in sy hand. Sien? Hy—hy het dit ook gedoen. Het beslis, het beslis. Hoekom? Hy het opgetree. Hoe weet jy? "Wel, wanneer jy daaronder kom, sal Farao jou hang. Hy het na jou gesoek vir veertig jaar, en wanneer hy jou ook al vind, is jy sekerlik gedaan. Jy het 'n Egiptenaar doodgemaak, jy weet wat dit is, om selfs 'n Egiptenaar te slaan is die dood, en hier het jy al klaar een doodgemaak, en hom weggesteek, en weggehardloop. Wanneer jy weer daaronder kom, is dit die dood." Maar wat het hy gedoen? Opgetree. Amen.

130 Ek weet nie hoeveel dae dit hom geneem het om van Midian af daaronder te kom nie, maar hy het soontoe gegaan. O, hy het soontoe gegaan met daardie stok in sy hand, want hy het opgetree volgens wat God hom belowe het wat Hy sou doen.

131 Nou, as God jou 'n bewys gee van 'n Heilige Gees, soos Hy verskyn het aan Moses in Vuur destyds daar en hom laat weet het dat Hy God was, dan behoort jy, as jy God ander sien genees het, soos Moses eenmaal sy staf neergegooi en hy geweet het Hy sou dit weer doen, dit in 'n slang verander het, hy het geweet Hy was God en wat Hy eenmaal gedoen het, kan Hy weer doen. Net soos die profeet vir Gideon gesê het: "Die God van jou vaders wat jou uit Egipte uitgebring en al hierdie wonders en dinge gebring het, Hy sal dit weer doen." Dis reg.

132 Wel, die God wat die siekes genees het, is die God wat jou genees. Die God wat die Heilige Gees destyds daar gegee het, is die God wat Dit vir jou gegee het. Die God wat Hattie Waldrop *daar* genees het van 'n kanker, wat dood gelê in die ry, sal jou genees. Sekerlik. Hy is God, dis al. As jy verwag om Sy magtige wonderwerke en Sy krag te sien, aanvaar dan eers Sy Woord en tree Daarvolgens op. Sekerlik.

133 Moses het eers opgetree, toe het hy God se magtige wonderwerke gesien. Toe God vir hom gesê het om na die see toe te loop, moes hy na die see toe gaan om die magtige wonderwerke te sien. Wat hy ook al gedoen het, hy moes God gehoorsaam om God se magtige wonderwerke te sien; dis wat ons moet doen.

134 Elía, toe hy daar uitgegaan het op die berg, hulle daar opgeroep, gesê het: "Laat ons sien Wie God gaan wees. Laat die God wat met Vuur antwoord, God wees," want hy weet dat God 'n verterende Vuur is. "Laat die God wat Vuur het, antwoord."

Hulle het gesê: "Dis 'n goeie idee. Ons sal daar opgaan."

135 Wel, hy was nie bang dat daardie heidene enigiets gehad het nie. Toe hulle Baäl begin aanroep en hulleself gesny en aangegaan en op die altaar gespring het, het hy net heen-en-weer geloop, gesê: "Roep 'n bietjie harder, miskien agtervolg hy. Miskien neem hy 'n middagslapie, het gaan visvang, of iets," julle weet, om, gesê: "skree 'n bietjie harder." Hy het geweet waar hy staan. Ja, meneer. 'n Man wat ooit met God in aanraking gekom het en 'n opdrag van God gekry het, dan kan al die duiwels uit die hel dit nie uit hom uithaal nie, hy weet waar hy staan. Sekerlik.

136 Heen-en-weer geloop, toe, toe hy het, het hy sy offerande neergelê op die tyd van die aandofferande, die twaalf klippe nadergerol om gemeenskap te wys, al die twaalf stamme van Israel, en hy het daar uitgestap en gesê: "Nou, Here God van Abraham, Isak, en van Israel," het Hom Sy prinsnaam genoem, sien: "van Israel, laat dit bekend word, vandag, dat U God is, en ek U profeet is, en ek dit alles volgens U Woord gedoen het."

137 Daar het julle dit. Wat was dit? Optree volgens Sy Woord. Wat het gebeur? Die Vuur het geval. Ja, meneer, Dit het die offerande verteer. Hy het gesien, en al die mense het gesien, die magtige werk van God toe hy opgetree het volgens God se Woord.

138 Josua, hy het om daardie muur gemarsjeer net presies soos die Hoofkaptein vir hom gesê het om dit te doen. Hy het een middag buite geloop, hy het gewonder hoe hy die mure sou kry. Hy het geweet dat hy was—hy was. . . die vyand verslaan was, want hulle was binne die muur, maar hoe sou hy daar inkom? So hy het 'n wandelinkie geneem een middag om te mediteer. Dis 'n goeie ding, kom weg van almal af en kom 'n rukkie alleen. En hy het 'n Man sien staan met sy ontblote Swaard, Josua het gedink miskien mag dit, een van die vreemdelinge gewees het, so hy het sy swaard uitgetrek, en na Hom toe gehardloop, hy het gesê: "Is u vir ons, of is u van ons vyand?"

Hy het gesê: "Ek is die Leërowerste van die Here." En Hy het vir hom gesê wat om te doen.

139 Nou, dis soort van 'n moeilike ding, dink jy kan 'n trompet blaas en 'n muur val om, maar hy het opgetree. Sien, God maak dit so eenvoudig en dwaas, dit gaan reg bo-oor die kop van die geleerde. Dit kos daardie ongeleerde, wat nie te veel weet om Dit te verstaan nie, dis al. Wanneer jy Dit gaan probeer uitdink, jy kan Dit nie uitdink nie, jy moet God se Woord daarvoor neem, soos Hy gesê het om dit te doen, nie soos ons dink om dit te doen nie, maar soos Hy gesê het om dit te doen. Dis reg, doen dit net soos Hy gesê het om dit te doen.

140 En Josua het gemarsjeer net volgens die opdrag. En wat het gebeur? Hy het God op Sy Woord geneem en Daarvolgens opgetree, en hy het die mure sien val en die vyand wat sterf.

141 Die Hebreeuse kinders, hulle het opgetree volgens die Woord van God. God het vir hulle gesê hulle moenie voor enige beeld buig nie, en hulle moet dit nie doen nie. So die koning het gesê: "Julle sal óf buig, óf ek sal julle in die vuuroond gooi."

142 Hulle het gesê: "Nou, wag 'n bietjie, ons God is in staat om ons te verlos, ons weet wat Hy sal doen, maar ons gaan in elk geval nie voor jou beeld buig nie."

143 So hulle het opgetree volgens die Woord van God toe God 'n magtige wonderwerk verrig en die vierde Man afgestuur het onder hulle, soos daardie, en die vuur van hulle af weggehou het. Wat het hulle gedoen? Opgetree volgens die Woord van God en God se magtige wonderwerk gesien.

144 Ons kan nog een sê, Daniël. Daniël het opgetree volgens die Woord van God. Hy het gebuig in die rigting van die tempel, maak nie saak wie gesê het nie. Hulle. . . Was nie skaam vir sy godsdiens nie, en hy het drie maal 'n dag gebid, opgetree volgens die Woord van God. En hy het dit gesien.

145 Nou, Gideon, ek sal opskud, Gideon, nou, hy was nie seker nie, hy was nie te seker nie, hier het net 'n ou Man gesit, wat leun teen 'n boom, wat vir hom gesê het wat om te doen. Hy het gesê: "Nou, ek weet nie. Hoe gaan ek dit doen?" Hy het gesê: "Wag net 'n oomblik hier." En hy het gegaan en 'n offerande gekry, hy het die offerande geneem, dit op die altaar gelê.

146 Hierdie ou Kêrel mag daar opgekruip het met Sy stok soos *hierdie*, en daardie altaar aangeraak het, die offerande is geneem, toe was Gideon gereed om op te tree. Hoekom? Hy het die lewende Woord van God in aksie gesien. Amen. Hy het God se lewende Woord gesien. Hy het geweet dat God in daardie—daardie monument van 'n Man daar gewoon het, dat Dit God was, hy het Hom "Here" genoem.

147 Natuurlik, het Hy verdwyn. Hy het gesê: "'n Engel van die Here," wat net 'n manifestasie is, soos Jesus wat die Seun van God is, tog was Hy God, God was in Hom, maar hierdie is 'n manifestasie, 'n Engel van God, soos wat Abraham ontmoet het. En tog het Abraham die Man H-e-r-. . . hoofletter H-e-r-e: "Elohim" genoem. Enigiemand weet, wat die Griekse Bybel lees, of die Hebreeus, weet dat *Elohim* die Almagtige is.

148 Sien, Hy was daar in daardie, gemanifesteer in daardie klein—daardie klein kleiliggaampie wat daar gesit het. Ou Kêrel wat teen 'n boom geleun het asof Hy moeg was, maar Hy het daardie staf geneem, en daardie offerande aangeraak, en dit het opgegaan in 'n Vlam. Sien? Toe het Gideon geweet dat Dit die lewende Woord van God was, Gideon was gereed om op te tree. Amen.

149 Toe nadat hy gereed gemaak het om op te tree, het Hy hom *soveel* duisend gegee, Hy het gesê: "Daar's te veel lafaards hierbinne." Net aangehou, aangehou, hulle verminder, omdat hy hulle gekry het wat was, wat God geroep het. Dis reg. Partymaal wanneer ons dinge verkeerd sien gaan, wegval, miskien maak God net 'n leër gereed, dis al, of 'n paar vegters gereed, jy kan nooit sê nie. God. . . Hy was gereed om op te tree, toe hy die lewende Woord van God gesien het, was hy gereed om Daarvolgens op te tree. Wanneer ons God sien lewe in Sy Woord, laat ons dan gereed wees om Daarvolgens op te tree.

150 As ons 'n—'n vrou sien wat so laag is dat die honde skaars na haar sal kyk, en die Heilige Gees daardie vrou sien neem en haar regruk en 'n dame van haar maak, manne, behoort ons gereed te wees om op te tree volgens daardie lewende Woord.

151 Een aand in 'n kamer, ek hoop nie ek vat te veel van julle tyd nie, het ek—ek in 'n kamer ingegaan toe, 'n groot veldtog, en hulle het 'n kamer gehad twee maal hierdie grootte van net vol dwangbuise, en kranksinnig, en dinge. Ek het in die kamer ingeloop, daar was een van die mooiste vroue wat ek ooit daar sien sit het, 'n jong dame, Ek het gesê: "Aangename kennis?"

En sy het gesê: “Aangename kennis, Broer Branham?”

En ek het gesê: “Wel, ek weet nie eers waar om te begin nie.”

Sy het gesê: “Miskien met my.”

152 Ek het gesê: “Met jou?” Wel, sy was op die oog af ’n gawe, skoon meisie, groot bruin oë, en mooi, en lang hare wat teen haar rug afhang, en—en sy was so ’n aantreklike vrou. En ek het gesê: “Jy’s nie ’n pasiënt nie.”

Sy het gesê: “Ja, ek is.”

Ek het gesê: “In hierdie kranksinnige plek?”

Sy het gesê: “Ja, Meneer.”

Ek het gesê: “Wat het gebeur?”

En sy het gesê: “Wel, ek wil hê jy moet my storie hoor.”

Ek het gesê: “Gaan net voort, Suster, ek wil graag hoor.”

153 Sy het gesê: “Wel, Broer Branham,” gesê: “toe ek ’n meisie was,” gesê: “ek is grootgemaak met Christen ouers wat God regtig geglo het.” En sy het gesê: “Ek het kerk toe gegaan.” Maar gesê: “Meteens het ek uitgegaan met ’n seun wat gerook het,” en gesê: “ek het uitgevind dat hy gedrink het. En een aand wou hy my laat drink, en ek wou dit nie doen nie,” gesê: “ek wou dit absoluut nie doen nie. En hy het my oorreed om ’n bietjie lekkergoed te eet,” of, nee: “’n Coke te drink,” was, “een aand, en hy het goed daarin gehad.” En gesê: “Ek was nie meer ’n sedelike meisie nie.” En gesê: “Toe het ek gedink: ‘Wat help dit?’” Gesê: “Ek het net my lewe weggegooi, en ek het ’n gewone straatprostituut geword.” En gesê: “Toe het ek—ek—ek net alles gedoen wat sleg was, ek het begin drink, ek het ’n alkoholis geword.”

154 En sy het gesê: “Toe het iemand vir my gesê om my godsdiens te verander, ek het weggegaan na die Goeie Herder se Huis in die Katolieke kerk, my godsdiens verander. Hulle het my soontoe gestuur vir twee of drie jaar,” gesê: “ek het goed gevaar, ek het weer uitgegaan.” Gesê: “Toe ek weer uitgekom het, het ek weer reguit daarmee voortgegaan.” En sy het gesê: “Ek het so aangegaan vir omtrent ’n jaar, die wet het my opgetel en my na die vrouegevangenis toe gestuur, en ek was daar vir twee jaar,” en toe gesê: “vir misdadigheid.”

155 En—en gesê: “Toe het ek, toe nadat ek daar uitgekom het, het ek teruggekom,” en gesê: “Ek—ek sê jou, Broer Branham,” gesê: “dit was net omtrent twee of drie maande gelede,” gesê: “Ek is terug en doen dieselfde ding wat Ek altyd gedoen het.”

156 En ek het gesê: “Wel, dis ’n jammerte.” Ek het gesê: “’n Mooi vrou soos jy, dink jy nie daaraan om een of ander tyd ’n man en babas te hê, en soos enige vrou sou wou, wat hoegenaamd enigsins ’n *dame* wil wees nie?”

157 Sy het gesê: "O, ja, Broer Branham." Sy het gesê: "Wie sal my wil hê?" Sien? Gesê: "Wat kan ek 'n man bied?" Gesê: "Ek, niks behalwe 'n wrede lewe, van dronk word en aangaan en dinge nie." Gesê: "Wat kan ek doen?"

En ek het gesê: "Wel, God kan dit regmaak."

Sy het gesê: "Mnr. Branham, ek het gebid en nuwe blaaie omgeslaan en alles," gesê: "ek—ek—ek weet net nie wat fout is met my nie."

158 Aangehou, om net kontak te maak met haar gees om te kyk wat verkeerd was, julle sien. En net aangehou kyk vir 'n paar minute, en sy het gesê. . .Ek het gesê: "Wel, nou, ek sê jou, miskien sal ek en jy dalk bid."

Sy het gesê: "Goed, Broer Branham." Sy het gekniel en ons het gebid.

En ek het gesê: "Bid jy nou."

En sy het gebid, gesê: "God," en sy het gebid en gebid. Naderhand het sy opgestaan en sy het na my gekyk, sy het gesê: "Wel, Broer Branham. . . "

En ek het my hand op haar skouer gesit, en ek het gesê: "God seën jou, Suster."

En sy het opgestaan, gesê: "Ek glo dis nou alles verby." Sy het gesê: "Ek gaan hier uitgaan en 'n ander lewe probeer lei."

159 Ek het gesê: "Suster, jy sal uitgaan en dieselfde lewe lei wat jy lei," Sien? Ek het gesê: "Jy slaan net 'n bladsy om," ek het gesê: "dis nog nie reg nie." So ek het gesê: "Kom ons bid nog 'n bietjie."

160 En ons het gekniel, en ons het aanhou bid, naderhand het sy Iets getref. Goeiste, Dit het verander, ja, meneer, vanaf 'n klein kindjie wat 'n *musiek* probeer speel het totdat dit musiek begin maak het, ja, meneer, 'n bietjie ritme daarin gehad, julle weet. Naderhand het sy regtig begin bid, en naderhand het sy begin skree, en die trane wat teen daardie gegrimeerde wange afgeloop het, op, soos daardie, net toe, toe sy daardie yslike groot bruin oë opgelig het, na my gekyk het, het sy gesê: "Broer Branham, daar het iets gebeur."

Ek het gesê: "Ja, meneer."

161 Ja, meneer. Sy is getroud en het nou drie of vier kinders. Wat was dit? Sy het God geneem en daarby gebly totdat iets werklik gebeur het. Dis reg. Iets het gebeur, die lewende Woord het 'n lewende werklikheid vir haar geword.

162 En wanneer God Sy belofte in jou plant en dit 'n lewende werklikheid word, dan is iets anders. Jy gaan nie net en sê: "Ja, ek glo dit" nie, nou, dis alles reg, die duiwel glo dit so, maar dis bewys aan jou, en die le-. . . die Woord word lewendig in jou, dan begin jy sien wat Dit is. Ja.

163 Johannes die Doper, hy was . . . Dis vreemd, Johannes se vader was 'n priester, ons weet dit, dat hy 'n priester was, en in plaas van om nou uit te gaan wanneer jy . . . Ek reken dit was soort van moeilik vir hom en sy ma om—om uit te vind dat klein Johannes, wat belowe is soos hy was, en hy 'n magtige man van God sou wees, maar hulle het geweet hulle sou nooit lewe om dit te sien nie, omdat hulle te oud geword het. En omtrent nege jaar oud sê hulle het sy vader en moeder gesterf.

164 En in plaas daarvan dat Johannes teruggaan het na die, om die priesterdom te bestudeer, het hy geweet, Johannes het geweet, hy sou die Messias aankondig, so in plaas van om af te gaan en in die skool te studeer, en 'n Baccalaureus Artium en 'n Ph.D., en 'n LL.D., en 'n Q.U.S.T, en al die res daarvan te kry, julle weet, wat daarmee saamgaan, so toe, in plaas van om dit alles te gaan kry, het hy na die wildernis toe gegaan, want die Boodskap moet van God af kom. En God . . .

165 Nou, hy het geweet daar sou allerhande soorte tekens wees, en allerhande soorte van *hierdie*, want dit is altyd so, valses en alles, want dit doen dit net om die regte ding weg te steek. Daar's baie mense wat maak asof hulle die Heilige Gees het, en uitgaan en enige soort lewe lei, dis net 'n ou voëlverskrikker, om jou van die regte ding af te probeer afskrik.

166 Waar is al die voëlverskrikkers? Nie aan 'n suurappelboom nie, aan die soetappelboom, dis reg, is waar die voëlverskrikkers is. En die duiwel sit allerhande soorte voëlverskrikkers rondom die regte ding, hy hoef nie bekommerd te wees oor die ander een nie, hulle gaan dit in elk geval nie pla nie. So toe, hulle . . . Toe jy daardie regte ding gekry het, dis waar die voëlverskrikkers opkom, dis waar die vals dollar so naby is, julle weet, om die einste Uitverkorenes te mislei indien moontlik, het Jesus gesê, julle sien. Dis waar jy dophou, reg in daardie lyn daar, sien.

167 So dan vind ons uit dat Johannes nie verward wou wees nie, so hy het daarbuite gewag totdat hy van God gehoor het, en God het vir hom gesê watter soort teken die Messias sou hê. So Johannes het opgetree volgens die Woord van God. Hulle het afgekom en gesê: "Johannes, is jy die Messias?"

Gesê: "Nee."

Gesê: "Is jy *daardie* Profeet?"

Gesê: "Nee."

"Is jy Jeremia, Jesaja, Elía, enige van hulle?"

168 "Nee." Gesê: "Ek is nie Hy nie, maar Hy staan nou êrens in julle midde. Daar is Een onder julle nou." Hoe was hy so seker? Omdat hy geweet het dit was tyd vir die Woord van God om vervul te word. Amen.

169 Wat ons vandag behoort te doen, broer . . . Dis tyd dat die Woord van God vervul word. Dis tyd dat die tekens die gelowige

volg. Dis tyd vir die Aandligte om te begin skyn. Dis tyd vir Jesus Christus om Homself te manifesteer, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

170 Hierdie is nie ’n lering nie, hierdie is ’n gesegde, onthou, laat ek dit weer aanhaal, nie ’n lering nie, ’n gesegde, om ’n gelykenis te maak: God het drie Bybels geskryf, een van Hulle was in die hemele, die mens om op te kyk om te besef sy Skepper kom daarvandaan, die diereriem. Wat is die eerste ding in die diereriem? Begin by die maagd. Wat is die laaste figuur in die diereriem? Leo, die leeu.

171 Eerste keer wat Christus gekom het, was deur die maagd, volgende keer wat Hy kom, is deur die Leeu van die stam van Juda. Die gekruisde visse, die kanker tydperk, en alles, soos jy dit deurlees, soos Job dit bestudeer het, en julle wat die Boek van Job lees, julle sal verstaan. Nou, die duiwel, natuurlik, neem en doen dinge daarmee.

172 Dan kom ons terug na die volgende een wat hulle die piramideleer noem. Moet dit nooit volg nie, julle het ’n Bybel om te volg. Sien? Nou, die volgende was die piramide, maar as julle net die ware betekenis agter dit kry! Nou, hou die piramide dop vir die kerktydperk. Het julle geweet . . .? Kyk op . . . Het julle ’n dollarnoot? Kyk daarna. Daar is ’n piramide, aan die ander kant, is daar die seël van die Verenigde State. Waarom sou die Verenigde State onder die piramide herken: “Die Groot Seël”? Kyk net bokant daardie boonste steen, wat bo-op die piramide is, en julle sal dit sien regop staan met lig wat rondom dit skyn. Sien? Waarvoor is dit daarbo? Dis die Groot Seël.

173 Hoekom het dit nie . . .? Hulle het nooit ’n dekstuk op die steen gesit nie. Ek was daar by die piramide. Waarom het hulle nie ’n dekstuk daarop gesit nie? Omdat dit verwerp was. Dit was die hoeksteen, waar al die ander stene aanmekaargesit was, dit het van die kerktydperk gepraat.

174 Kyk hier ver onder na die Lutherse tydperk, lank gelede in die meerderheid, destyds daar, net om te bely Christus was my, beteken net om ’n Christen te wees, regverdigmaking. Wesley het gekom, heiligmaking, ’n bietjie nouer, heiligmaking. Toe het die Pinkster gekom, doop van die Heilige Gees. Wat is dit? Vorm na bo, regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees.

175 Nou, wat doen Hy? Dit moet so volmaak geslyp word, dat Kerk in so ’n plek ingebring word, dat die Steen wat kom om Daar bo-op te pas . . . Sien wat ek bedoel? Dit voltooi die Kerk. En deur dit alles is die Kerk. Nou, dis—dis net, dis om ’n—’n gelykenis te maak waarvan ek praat, moenie daarin probeer ingaan nie.

176 Dan, die volgende Bybel, die regte Bybel, is *Hierdie*. *Hierdie* is ons Woord. Net daardie tekens en dinge wat hulle destyds daar gehad het . . .

177 Maar let op, hoe volmaak daardie steen, dit is verwerp, hulle het dit nooit opgesit nie. Hoekom? En as jy soontoe gaan, daardie stene bo in daardie piramide wat duisende tonne weeg, dat dit so goed teen mekaar pas dat jy nie 'n skeermeslemmetjie, en geen sement daar kan indruk nie, so perfek teen mekaar geslyp. Dan as dit so moes wees om elke tydperk bymekaar te laat pas, wat gaan dit dan wees wanneer die koms . . . ?

178 Sien julle nie die Kerk wat vorm nie? Luther, regverdigmaking; Wesley, heiligmaking; toe het die Heilige Gees gekom. En nou, Kerk wat dan geslyp en voltooi word, sonder vlek of rimpel, sodat Hy wat geen vlek of rimpel gehad het nie, kan afkom en Dit verbind vir die opstanding, vir die Kerk van die lewende God om Sy vlug te onderneem in die . . . Ja. Sien? Ja. Nou, ons lewe in daardie dag.

179 Nou, Johannes het gesoek daarna dat dit sou kom, hy het gesê: "Ek sal Hom ken, Hy is daarbuite, ek weet nie waar Hy is nie. Hy staan daarbuite."

Miskien het een of ander biskop nadergestap en gesê: "Jy weet, ek het 'n snaakse gevoel gehad wat oor my gegaan het vir 'n tydjie, jy weet, miskien is ek die Messias."

Hy het gesê: "Gee pad." Johannes het gesê: "Dis nie Hy nie." Goed.

180 Hier het nog een aangekom, gesê: "Wel, weet jy wat? Ek het die hoogste graad, ek's Kajafas, die hoëpriester, as daar enigiemand gesalf sou word vir die Messias, 'n man, sou dit ek wees."

181 "Nee, nee, nee. Nee, dis nie Hy nie." Maar Johannes het gesê: "Hy wat vir my gesê het in die woestyn om te gaan doop met water, het gesê op Wie ek die Gees sal sien neerdaal en bly, Hy is die Een wat sal doop met die Heilige Gees en Vuur."

182 En onthou, Johannes het dit gesien en niemand anders het dit gesien nie. Dit was 'n teken wat vir Johannes gegee is om dit te sien, en hy het dit gesien, en Johannes was seker, en die rede waarom hy kon aankondig: "Dit is die Messias!"

"Hoe kan jy seker wees?"

"Ek volg die Woord van God."

183 Hoe kan ek seker wees hierdie man is 'n gelowige? Ek volg die Woord van God, God het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Nie omdat hy 'n Baccalaureus Artium het, omdat hy 'n Ph.D., of LL.D., of biskop, priester, kardinaal, of pous is nie. Sien? Dit het niks daarmee te doen nie, dis mensgemaakte tradisies. Halleluja!

184 Die Bybel het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, in My Naam sal hulle duiwels uitdryf," dit dan selfs ontken, sien: "praat met nuwe tale, slange opneem of iets dodeliks drink, hande op die siekes lê en hulle sal gesond word."

Jesus het gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen."

185 Watter soort werke het Hy gedoen? Daar het julle dit. Het Hy 'n skool georganiseer? Sy dissipels weggestuur vir opleiding? Het Hy vir Petrus 'n geleerdheid geleer? Hy kon nie eens sy eie naam skryf nie. Die Bybel het gesê hy en Johannes was nie net ongeleerd nie, maar hulle was onkundig.

186 Onkundig en ongeleerd, maar hulle het iets gehad om die man te bied, silwer en goud, was hulle nie in geïnteresseerd nie, geen geleerdheid nie: "Maar dit wat ek het, sal ek vir jou gee: In die Naam van Jesus Christus, staan op en loop." Halleluja! Dit was hulle getuigskrifte. Dis wat hulle nodig gehad het. Hulle het die Woord van God gevolg, toe het hulle die wonderwerk van God gesien, toe hulle die Woord van God gevolg het.

187 Paulus, wat gesit en preek het eenkeer, hy het 'n man gesien wat geloof gehad het, gesê: "Ek sien dat jy geloof het om genees te word. Staan op." Dit was dit. Ja, meneer. Dit was. . . Wat was hy? Wil julle 'n wonderwerk van God sien? Volg die Woord van God.

188 Vinnig, Marta, o, goeiste, arme dingetjie was hartseer, sy het haar groot kerk verlaat, sy en Maria, hulle het vir Jesus gehuisves, vir Hom 'n plekkie in Betánië gemaak, na Hy was, geen plek gehad het om te bly nie, hulle het vir Hom 'n huis daar gegee by hulle, by haar, en Marta, en Maria, en Lásarus. En hulle het gedink dat Hy sekerlik die Messias was, en dit alles. En haar broer het siek geword.

189 Sien hoe God dinge laat gebeur? Skeur jou net uitmekaar om jou te toets. Elke kind wat na God toe kom, moet beproef en getoets word. . . "Verbaas julle nie, geliefdes, wanneer daar vurige beproewinge kom nie, dit word alles gedoen om julle geloof te bewys." Sien?

190 En so Jesus het weggegaan, en Hy het gesê Hy sou weggaan. En so toe het hulle Hom laat weet, gesê Lásarus het siek geword, so hulle het laat weet, gesê: "Die een wat U liefhet, is siek." Jesus het nooit enigsins meer aandag daaraan gegee as niks nie, net voortgegaan, na 'n ander stad toe gegaan, en nog hardlopers het gekom en gesê: "Lásarus is siek, hy's op sterwe, kom terug." Jesus het dit net geïgnoreer asof niks gebeur het nie, reguit aangegaan.

191 Sien, hy het alreeds gesien wat die Vader sou doen, want Hy het gesê in Johannes 5:19: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks doen totdat Hy die Vader dit sien doen nie. En wat die Vader vir die Seun wys, dis wat Hy. . . Ek werk-. . . Hy werk, en Ek werk tot nou toe." Sien? "Ek doen net wat Hy My wys om te doen."

192 Nou, Hy het nie gelieg nie, Hy kan nie lieg nie, Hy het nooit een wonderwerk gedoen voor God Hom nie eers gewys het, met 'n visioen, wat om te doen nie, Johannes 5:19. As dit nie is nie,

is daardie Woord verkeerd, dan as Dit verkeerd is, watter soort Bybel lees ons? Sien? Dis alles geïnspireer, goed, sien, maar Hy het dit gedoen, en al die profete, net soos God hulle gewys het wat om te doen.

193 Hy het verbygeloop en daardie man genees wat daar gelê het wat prostaatprobleme gehad het, of TB, of *so-iets*, het dit vir agt-en-dertig jaar gehad, dit was vertraag, sou hom nie doodmaak nie. Het duisende verlam, blind, kreupel, en verdor daar laat lê, het reguit weggestap van hulle af, want dis wat. . .Hy het gesê Hy het geweet daardie man was in daardie toestand vir daardie tyd. Sien? Toe het Hy vir hulle gesê: "Ek kan niks doen totdat die Vader My wys wat om te doen nie."

194 Nou, ons vind uit, natuurlik was dit 'n groot fout, het hulle gedink, dat, teen Hom, maar Hy het net opgetree om God te behaag. En enige mens wat God dien, sal optree om God te behaag, hy sal doen wat God vir hom sê om te doen, absoluut.

195 Marta, sy was bewus dat Hy was. Naderhand. . .Nou, Marta, hulle het gesê dat sy nie was nie, sy was traag en dinge om haar huis skoon te hou, maar toe die konfrontasie gekom het, het sy haar kleur gewys. Ja, meneer. Maria het sit en huil, want haar broer was dood, maar Marta het uitgegaan en die lewende Woord ontmoet. "In die begin was die Woord, die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon."

196 Hy was die Lewende Woord van God, dis reg, God se Woord wat gemanifesteer is. Geen wonder Hy kon staan en die gedagtes van die mense onderskei nie. Nou, die Bybel het gesê. . .Julle het gesê: "O, is dit die Woord?"

197 Ja, meneer. Ja, meneer. Ken julle nie die Bybel nie? Hebreërs 4 het gesê: "Die Woord van God is skerper, kragtiger as 'n tweesnydende swaard, dit dring deur tot die murg van die been, en 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart," die Woord van God, wanneer Dit in jou is. Ja, meneer, sien. Die Woord van God gemanifesteer in Hom.

198 So Marta, toe sy nadergekom en sy aan Sy voete neergeval het, en sy het gesê: "Here," *Here*, dis Wat Hy was: "as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie." Sy het gesê: "Maar selfs nou, wat U God ook al vra, dit sal God doen." O, daar het julle dit, daar het julle dit, "Maak nie saak wat U gedoen het nie, U gesindheid, U volg wat God gesê het om te doen, of U *dit* of *dat* gesê het, óf of U gekom het, of nie gekom het nie, wat U God ook al vra, dit sal God vir U gee."

Gesê: "Jou broer sal weer opstaan."

Gesê: "Ja, Here, hy sal opstaan in die laaste dae. Hy sal opstaan, hy was 'n goeie man, hy sal—hy sal opstaan in die algemene opstanding."

199 Hy het gesê: "EK IS die Opstanding en die Lewe, hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe." Niemand kon dit sê behalwe Hy nie. "Hy wat lewe en in My glo, sal nooit sterf nie. Glo jy dit?"

Sy het gesê: "Ja, Here, ek glo dat U die Seun van God is, wat na die wêreld toe moes kom." Daar het julle dit.

200 Wat is dit? Sy tree op. Sy wil 'n wonderwerk sien, so sy vind uit wat die Woord sê. "Ek glo die Woord, Dit staan daar in die vorm van die Seun van God. Sy Woorde is nie Syne nie: 'Nie Ek wat spreek nie, maar die Vader wat in My woon.' Wat ook al van daardie lippies van U af kom wat spreek, ek sal glo Dis die opdrag van God." O, broer! Hmm! "U is die Messias." Wat is Messias? Die Gesalfde. Sien? "U is God se Gesalfde."

201 God het eendag 'n gesalfde in 'n mindere mate gehad, en sy naam was Elía, En daar was 'n, of, Elisa, en 'n vrou het 'n baba gehad en dit het gesterf, en sy het gegaan na hierdie dienskneg van God toe, en sy het gesê: "U man van God," sy het hom herken: en daardie gesalfde van God het gekom en oor die vloer geloop, o, goeiste, sy liggaam op daardie dooie babatjie gelê, en dit het sewe keer genies en lewendig geword.

202 En as God dit gedoen het deur Sy gesalfde profeet, hoeveel te meer sal Hy nie doen deur Immánuel nie? "Ek glo dat U die Seun van God is." As jy ooit enigiets van God kry, moet jy God se dienaar glo, God se Woord. Sien? En Hy was die Woord. "Ek glo, sê my net wat om te doen."

203 "Waar het julle hom neergelê?" Hy het afgegaan na die graf toe, gehuil soos 'n mens. Toe Hy daaronder gekom het, wat het Hy nou gesê om te doen wanneer julle hier kom? Sien, hulle het ook iets om te doen, julle weet. Gesê: "Neem weg die steen, as julle 'n wonderwerk wil sien."

204 Julle siek mense vanaand, as julle 'n wonderwerk wil sien, neem die steen weg. Neem daardie steen weg, daardie sonde wat voor die deur lê. Wat is? Sê: "Broer Branham, ek doen niks." Maar as jy dit nie glo nie, kan dit nie gebeur nie. Neem daardie steen van ongeloof weg en kyk wat gebeur, neem net die steen weg. En toe sy die Woord van die Here gehoorsaam het, het sy 'n wonderwerk gesien. Sekerlik.

205 Die vrou by die put, sy was soort van onder. . .sy het nie geweet wat om te sê nie. Sy het hierdie Jood daar sien sit, "Nou, dis vreemd dat daardie Jood met my sou praat, ek's 'n vrou van Samaria. Wonder wat Sy rede is?" Sy het gesê: "Wel, julle sê, julle Jode sê: 'Aanbid in Jerusalem,' ons vaders het in hierdie berg aanbid."

206 Hy het gesê: "Vrou, Ek sê jou nou, dat nie in Jerusalem, of in hierdie berg nie, maar God is 'n Gees, en hulle wat Hom aanbid, moet in die Gees en Waarheid aanbid."

207 Sy het geweet dit klink reg. As God God van een is, is Hy God van alles, Sy hele skepping. Ja, meneer. So sy het gekyk… Julle weet, haar ras en stam en kleur het niks daarmee te doen gehad nie, God het hulle almal gemaak: "God het uit een mens alle nasies uit Adam gemaak." Daar vind ons uit dat die kleur van die vel en die, hulle tradisie, of hulle kerklidmaatskap niks daarmee te doen gehad het nie, dis 'n eerlike hart waarna Hy soek.

208 So Hy het daar afgekyk…En sy het weer gesien, sy het gesê…En toe, voor jy jou kom kry, toe Hy kontak gemaak het met haar en uitgevind het waar haar probleem was, sy het saam met die verkeerde man gelewe, en Hy het gesê: "Gaan, haal jou man en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Hy het gesê: "Dis reg. Jy het vyf gehad, en die een met wie jy nou saamleef, is nie jou man nie."

209 Sy het omgedraai. Wat? Sy het die Lewende Woord ontmoet. Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Nou, ons weet nie van enige profeet in hierdie dag wat opstaan nie, maar ons weet dat wanneer die Messias kom, dit die teken gaan wees wat Hy vir ons sal wys. Hy sal vir ons hierdie dinge vertel."

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat." O, goeiste!

210 Wat het sy gesien? 'n Hele stad na God gedraai. Hoekom? Sy het die Woord van die Here gevolg. "Ek is Hy wat spreek."

211 En sy het in die stad ingehardloop en gesê: "Kom ons lees die Skrifte. Sê die Bybel nie dit sal die teken van die Messias wees nie? Kom, sien 'n Man hierbuite wat vir my die einste dinge vertel het wat ek doen."

212 Hoe weet jy? Net soos Johannes het. Hoe weet jy Hy staan onder julle? Dis die tydperk daarvoor. Hoe weet jy dit is? Dis die einste Messias, want dis tyd vir Messias om te verskyn.

213 Sien julle nie wat ek bedoel nie? Dis tyd vir hierdie Kerk om op Sy voete te wees. Dis tyd vir die Pinksterbeweging om wakker te word. Trek jouself weg van jou tradisies waarin jy jouself skud. Skud jouself, en vra vir die ou weg. Slaan die kerkstof van jou af, staan op in die Naam van Jesus Christus. Staan op, en neem God op Sy Woord en marsjeer vorentoe.

214 As God met ons is, waar is Sy wonders? Waar is hulle? Waar sien ons daardie tekens? As God in al hierdie kerke is en hierdie yslike groot kerktorings, ensovoorts, en al hierdie Ph.D.'s en goed, wys my Sy wonders. Waar is God? Glorie! Dis reg. Waar is God? Waar is Sy wonderwerke? Waar God verskyn, is Hy bonatuurlik, Sy bonatuurlike tekens volg 'n bonatuurlike God. God is… Waar is al Sy wonders?

215 Sy het die wonderwerk van God gesien, die teken van die Messias. Sy het gemaak dat die hele stad, die Bybel het gesê

dat al die mans, Jesus dit nie meer gedoen het nie, hulle het die getuienis van die vrou geglo. Sy het toe die voorreg gehad om die hele stad na Christus toe te lei, omdat sy Sy Woord en Syne gevolg het, en gesien het dat Hy 'n wonderwerk kon doen, geweet het dat dit was.

216 Die Pinkstermense, die Pinkster honderd-en-twintig, wat gegaan het, nadat hulle Hom geglo het, het hulle gegaan en Hom gehoorsaam, gewag in die bo-vertrek totdat hulle toegerus is met Krag van Omhoog. Lafaards, het die venster blindings afgetrek, die vensters toegemaak, 'n ou bo-vertrekkie, uit die tempel uitgegaan, opgegaan langs die kant en by 'n deur ingegaan, daarbo vir tien dae en nagte, net gewag.

217 Broer, toe die Woord gemanifesteer is, het hulle by die vensters en deure uitgegaan en buite in die straat, iets het gebeur. Hoekom? Hulle het 'n wonderwerk gesien, hulle het Ligte gesien, soos Vuurtonge, wat op elkeen van hulle sit. Hulle het die krag van die Heilige Gees voel skud. Hulle het beide gesien en gevoel, hulle het geweet iets het gebeur. Hulle het uitgehardloop om te probeer getuig daarvan en kon nie eers hulle eie taal praat nie. Iets het gebeur.

218 Drie is 'n getuie. Hulle het dit gevoel, hulle het dit gesien, en hulle het dit ditself sien manifesteer, dit gevoel, dit gesien, en dit gehoor. Amen. Drie is 'n getuie. En daar was Hy, nog, hulle sien dit. Dieselfde nou, al Sy beloftes, as julle wil sien dat hulle gemanifesteer word, enigste ding wat julle moet doen, is om net Sy Woord te hou. Gehoorsaam Sy Woord en Hy sal dit doen. O, goeiste. Goed.

219 As julle hier uitgaan op enige dag, as die tyd reg is in die dag. . . Glo julle dis tyd vir die Messias om te verskyn? Glo julle dis tyd vir die Kerk om Sy Teenwoordigheid te wys, om die Teenwoordigheid van Christus te wys? En net in plaas van. . . julle wil kerk toe gaan en by die kerk aansluit en sê: "Ons Presbiteriane," "Ons Baptiste," "Ons Metodiste," "Ons Pinksters," "Ons *So-en-so*," en "Ons, ons is—ons is—ons is díe mense, ons—ons het *dit* en ons het *dat*." Daardie dag is dood soos middernag, dis reg, sien, net dit te doen. Dis reg. Maar dis tyd vir die Aandligte om te skyn, soos die lied sê: "Dit sal lig wees in die aandtyd." Dis tyd vir daardie Aandligte om te skyn, hierdie is die tyd.

220 Nou, wat verhoed dat hulle skyn? Jy gaan uit enige dag, enige dag wat jy wil, en beweeg net al die wolke weg, en die son skyn in elk geval. Die son skyn die heeltyd, beweeg net die wolke weg. Dieselfde God wat genees het, dieselfde God wat gevul het met die Heilige Gees, dieselfde God, elke belofte gemaak het, is, die S-e-u-n van God skyn te alle tye, beweeg net die wolke van twyfel weg. Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

221 Maar ons het ’n klomp kerkwolke wat Hom weggeskadu het van ons. ’n Klomp denominasie en onsin het Christus van ons weggehou. Waai net weg, met gebed, elkeen van daardie ou wolke en kyk of Christus nie dieselfde verskyn as wat Hy ooit het nie, of Hy nie in dieselfde Lig verskyn nie, dieselfde krag, dieselfde tekens, dieselfde wonder, kyk of Hy nie steeds dieselfde Messias is nie. Amen. Slaan al die wolke weg, waai hulle weg na een kant toe, kyk of dit nie is nie. Sekerlik. As jy . . . Maar eerste ding wat jy moet doen, is glo en optree. Nou, dis, die, reg.

222 Die dapper held was korrek: “As God met ons is, laat ons dan Sy wonders sien.” Waar is al die wonders? Waar is die tekens? As Jesus Christus dieselfde is gister, en tot in ewigheid, waar is die teken dan dat Hy dieselfde is? Wat het Hy belowe? Johannes 14:12: “Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen.” Waar is dit? Hy het dit belowe: “Soos dit was in die dae van Lot, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens,” toe God neergedaal het. Ons weet nooit waarheen daardie Liggaam gegaan het nie.

223 Daar was drie van hulle, drie Engele. Een van Hulle was God Self wat afgekom het in ’n menslike vorm, daar gestaan en eet het saam met Abraham. Dis reg. Hy het daar gestaan en met Abraham gepraat oor die toe- . . . die dinge, Hy het gesê: “Ek gaan dit nie van Abraham weerhou nie. Ek gaan af Sodom toe, Ek het gehoor dis vreeslik boos, Ek gaan soontoe om uit te vind.” Abraham het Hom melk, mieliebrood, roosterkoek, julle weet, mieliebrood, en ’n paar kalfstjops gevoer, en Hy het dit geëet. Reg.

224 Julle sê: “God het dit geëet?” Jesus het geëet na Sy opstanding. Sekerlik, Hy het. Sekerlik. Hy het daar gestaan en dit geëet. Party van hulle het gesê: “Dit was nie God nie.” Wel dan, was Abraham dan verkeerd, hy het Hom genoem: “Elohim.” Hy het, Dit was God.

225 God, wat het Hy gedoen? Hy het iets gewys. Net soos Hy die slavin en haar kind verdryf het, dat die, vry vrou en haar kind, dis waarom Abraham nie met Hagar wou trou nie. Maar Hy . . . sy . . . Hy het gesê: “Trou met haar. Luister na wat Sara vir jou sê,” want dit moes vervul word.

226 Die profeet moes op sy sy lê vir *soveel* honderd dae, en die ander sy. Wat? Vir ’n teken. En Hy het ’n teken daar gewys. God gemanifesteer in die vlees, het gesê: Jesus het omgedraai, Sy Seun, toe Hy op die aarde gekom en gesê het: “Soos dit was in die dae van Noag, eet, drink, trou, uitgee in die huwelik, dit sal wees wat dit sal wees aan die einde van tyd, en soos dit was in die dae van Lot, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens.”

227 Soos ek gisteraand gesê het, daar’s altyd drie elemente: ongelowiges, skyngelowiges en gelowiges. En daar was die

Sodomiete, die ongelowige; daar was Lot, die skyngelowige; en daar was Abraham, die uitverkore Kerk, uitgeroep. Sien?

228 Hier sit ons vandag, hier is ons vandag, daar’s die ongelowige, die Sodomiete, kyk na hulle daarbuite, vroue wat deur die strate loop wat kortbroeke dra, sigarette rook, hulle hare sny, hulleself Christene noem. Ja. O, goeiste, wat dit alles doen, tog, hulleself Christene noem, o, ja, meneer, partytjies, dans. Verdraaide mans, ek kry briewe na daar. . . homoseksueel aan die toeneem. Julle sien die. . . Ek kry die regering se statistieke daarvan, het verlede jaar dertig persent toegeneem. Verdraaidheid, natuurlike gang van menslike lewe verdraai, Sodom. Kyk na die koue, formeles net reg daarin, net so, wat rol saam met die varke.

229 Hou daardie boodskapper dop wat soontoe gegaan het, twee van hulle, ’n moderne Billy Graham, as’t ware, wat gepreek en hulle verblind het met die Woord. Dan was daar ’n Kerk wat dit nie gedoen het nie, wat uitgeroep was, daardie uitverkore Kerk. Glorie, glorie! Die uitverkore Kerk, Abraham en sy groep, Wat het aan hulle verskyn? Die Boodskapper wat aan Abraham verskyn het, hom genoem wat sy naam was wat God hom net ’n paar dae tevore gegee het, van Abram na Abraham, van Sarai na Sara. En gesê: “Waar is jou vrou, Sara?” haar naam genoem.

Gesê: “Sy’s in die tent agter U.”

230 Gesê: “Ek gaan jou besoek, Abraham, volgens die belofte wat Ek jou gemaak het, die tyd van die lewe met Sara.” En Sara het by haarself gelag, soort van soos *daardie*. Hy het gesê: “Waarom het Sara gelag?” Wat was Dit? Dit was God.

231 Jesus het as’t ware gesê, voor die tyd kom dat daardie uitverkore Kerk, daardie Pinkstergroep. . . Nou, Pinkster is nie ’n organisasie nie. Nou, julle broers wat die Pinkster Gemeentes het, die Pinkster Eenheid, die Pinksterkerk van God, die Pinkster Vierkant, en dit alles, julle bluf julleself, dis ’n organisasie, wat in orde is, ek het niks daarteen nie, maar julle is nie die Groep nie.

232 Pinkster is ’n ondervinding wat Metodis, Baptis, Presbiteriane, wat—wat Gemeentes, en die Vierkant, en die Kerk van God, en die, wel, die Jesus’ Naam en al die res van hulle dit kan kry, as hulle net die Woord van God sal gehoorsaam en Hom volg. Hulle sal die wonderwerk van God sien wat hulle lewe sal verander, en die dinge sal wegval en hulle sal word. . .

233 Die Metodis kan dit kry, die Katoliek kan dit kry, die Presbiteriaan kan dit kry. Hoeveel Katolieke, wat eers Katoliek was? Steek julle hand op. Kan die Katoliek dit nie kry nie? Hoeveel Baptiste, saam met my? Presbiteriane? Sien? O, nee, ons kan dit nie organiseer nie. Dit gaan oral en kry: “Wie ook al wil, laat hom kom en drink uit die Fontein van. . . ” Dis reg. O, ja, meneer. Sien?

234 Nou, daardie uitverkore Kerk, hulle sit almal bymekaar, sien, hulle almal, maar daardie uitverkore Kerk sal daardie teken sien. Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." Dis aandtyd. Waar is God? "As God met ons is, waar is die wonders?" Nou, Hebreërs 13:8 het gesê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Glo julle dit?

Kom ons buig ons hoofde.

235 Hemelse Vader, so 'n wonderlike groep mense om mee te praat, en ek mag nooit weer hierdie voorreg kry nie, mag nooit weer hier wees nie, O God, ons mag dalk nooit die oggend sien kom nie. Wetenskap probeer vir ons sê dat daar vyf sterre is wat gaan oplyn, dis waarom hulle sê, die hele wêreld, die nasies, hulle is gevries tot aan hierdie kant van die kontinent. Hier is Phoenix met gietende reën en weer wat hulle nog nooit gesien het nie. Hulle sê dat vyf sterre bymekaarkom daar buite. Sommige sê die wêreld sal bars soos 'n waatlemoen, ons glo dit nie, Here, daar moet nog 'n Millennium wees. Maar sommige sê daar sal aardbewings wees wat die huise oral sal skud, party van hulle sê daardie groot vloedgolwe sal driehonderd voet in die lug opgaan in die volgende paar dae.

236 Die wêreld bewe. "Daar sal verskriklike tekens wees," het U gesê: "in die laaste dae, gesigte, tekens in die hemel en op die aarde, vuur, en damprook, en rookpilare, aardbewings op verskillende plekke, benoude tye, spanning tussen nasies, mans se harte wat ingee van vrees." Maar daardie tyd, Here, het U gesê: "Lig op julle hoof, julle Verlossing is naby."

237 Nou, Vader, ons gaan ons kop oplig, vanaand, bo ons organisasie, ek gaan my kop oplig bo die groep waaraan ek behoort, die Christen Sakemanne. Ek wil hê elke man, elke Metodis moet sy kop oplig bokant dit, elke Baptis, elke Gemeente, elke Vierkant, Eenheid, of Jesus' Naam, of wat hulle ook al is, Here, hulle kop oplig bo dit. Kyk daar op na waar Jesus gesê het, kyk wat Hy gesê het: "As Ek, as Ek van die aarde opgelig word, sal Ek almal na My toe trek."

238 O God, laat ons Hom daar oorkant sien sit, aan die regterhand van die Majesteit van God, wat daar op die Troon van God sit, vanaand, vir altyd lewe, 'n Hoëpriester om voorspraak te maak volgens ons belydenis, 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede.

239 Here, ek het pas klaar gepreek, wanneer 'n profeet, of prediker uitgaan en die Woord preek, en as Dit nie gebeur nie, moet dan nie na daardie profeet luister nie, dis wat U Woord sê, maar as Dit wel, gebeur, luister dan na daardie profeet: "want Ek is met hom."

240 Here, ek het vir die mense gesê, vanaand, dat U dieselfde Jesus is, gister, vandag, en tot in ewigheid, U tyd is voor die deur

en die Aandligte skyn, en al hierdie dinge wat ek aangekondig het.

241 Nou, Vader, gee ’n groep hierbuite wat nou geloof het om dit te glo. Laat die geloof wat in Christus was, die gesindheid wat in Christus was, in ons inkom. En as ons die gesindheid van Christus het, as ek Sy gesindheid in my kan hê vanaand, daar’s ’n vroutjie wat hierbinne sit, miskien, iewers, wat ’n bloedvloeiing het, wat die Hoëpriester kan aanraak wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede.

242 Dan as Sy gesindheid in ons is, sal Hy op dieselfde manier optree, want Hy is die Hoëpriester. En Hy is die Woord van God, Hy is die Woord van God, en as die Woord van God in ons woon, dan is Dit skerper as ’n tweesnydende swaard, om preke te preek wat tot by die kern sal deurdring, wat die byl teen die wortel van die boom sal lê, en Dis ook ’n Onderskeier van die gedagtes van die hart.

243 Nou, Vader, laat U Woord bekend word. Ons glo Dit, hierdie kerkie glo Dit, Here, hierdie mense glo Dit, hierdie pastoor glo Dit, hierdie ander pastore glo Dit. Ons is saam, vanaand, in Hemelse plekke in Christus Jesus. U het gesê: “Waar twee of drie ook al vergader is in My Naam, daar sal Ek in hulle midde wees. En die werke wat Ek doen, sal hulle ook doen. ’n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie, tog, sal julle My sien,” die gelowige: “want Ek sal met julle wees die heelpad tot aan die einde van die wêreld.” Ek glo U, Here, U is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

244 Nou, Vader, vir hierdie groepie gaan ek ’n gebedsry roep om vir die mense te bid. Ek bid dat U elke persoon sal genees wat in hierdie gebou is, vanaand. Skenk dit, Here. Mag hierdie profete, wat hier op die platvorm sit, profete daarbuite in die diens, goddelike mans, geroepe mans, afgesonderde mans, van die dinge van die wêreld, afgesonderde vroue, afgesonderde jong meisies, afgesonderde jong seuns, van al hierdie ruk-en-rol en onsin van die wêreld, dametjies en here wat regtig Geesvervuld is, wat aan hierdie volle Evangelie kerke behoort, wat hulle lig laat skyn, vroue wat nie ’n sigaret sal rook of enigiets verkeerds sal doen vir niks nie, opreg en getrou aan Christus en hulle man, mans wat getrou is aan Christus en hulle vrou en hulle familie . . .

245 Here God, Abraham het getrou gestaan aan U op U belofte, Abraham se Saad, wat ons deur geloof in Christus is, ons staan getrou aan die belofte, en U het Uself bekend gemaak aan Abraham net voor die beloofde seun verskyn het, die beloofde seun het na daardie teken gekom, nou, Vader, ons soek na die beloofde Seun, laat die teken verskyn. Skenk dit, Here. Net toe het die Vuur geval, en ons soek daarna op enige tyd, die laaste teken, mag dit so wees, Here, soos ons almal onsself toevertrou.

246 Ek neem hierdie kerkie onder die beheer van die Heilige Gees, en in die Naam van Jesus Christus, gee ons onsself aan U, dat ons U hier mag sien, Here, 'n sigbare, lewende bewys dat Jesus Christus nog steeds lewe. Skenk dit, Here.

247 Seën hierdie kerkie en sy lieflike pastoortjie, ek bid, God, dat U Teenwoordigheid altyd hier sal bly, en die krag van God deur die stad sal trek van hierdie plek af. Skenk dit, Vader. In Jesus' Naam, bid ons. Amen.

248 Ek is jammer om julle so lank te hou, dis baie hard en kwetsend ensovoorts, en enigiemand weet, wat my hoor preek, dat ek nie 'n prediker is nie. Ek—ek's—ek's, het nie die geleerdheid om 'n prediker te wees, of myself een te noem nie, maar, Broer, Suster, ek het die Here Jesus lief, Hy het my 'n ander manier gegee om julle te laat weet dat ek julle die waarheid vertel. Die bietjie wat ek het, ek van Hom weet, ek weet nie te veel van Hom af nie, maar wat ek weet dis werklik, ek, dis net *so* werklik. Ek wens ek weet wat party mense van Hom geweet het, miskien dit, ek kon, sou Hy meer werklik wees vir my as ek Hom op 'n ander manier kon ken, maar, soveel as wat ek van Hom weet, weet ek dat Hy elke Woord hou wat ek weet Hy belowe het, ek weet Dis die Waarheid. God seën julle.

249 Nou laat ons net een koortjie van 'n lied sing, *Ek Het Hom Lief*. Hoeveel ken daardie ou lied? Net baie soet nou, om Hom nou in die Gees te aanbid:

> Ek het Hom lief, ek het Hom lief
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's boom.

Nou, terwyl die suster dit sag speel . . . [Broer Branham begin neurie *Ek Het Hom Lief*—Red.]

250 Kry nou net julle gedagtes op Hom. Soos hulle aan Hom begin dink het, Kléopas en sy vriend het eendag oor Hom geloop en praat, en Hy het reguit uitgestap, heeldag saam met hulle gewandel, hulle het Hom nie geken nie, maar toe Hy hulle binne-in gekry het, in 'n geboutjie soos hierdie, het Hy iets gedoen soos Hy het voor Hy gekruisig is, geen ander mens kon dit so doen nie, en hulle het geweet dit was Hy. Maar Hy het uit hulle sig verdwyn, by die deur uitgegaan net binne 'n oomblik. Sien? Hulle het geweet die Here het opgestaan.

251 Mag Hy kom, vanaand, en iets doen soos Hy gedoen het voor Sy dood, dan sal ons weet, in hierdie eeu, dat Hy opgestaan het uit die dood, want as Hy dieselfde Jesus is, sal Hy op dieselfde manier optree as wat Hy het.

252 Nou, terwyl ons dit doen, dit neurie, wil ek hê jy, moet iemand se hand skud, wat langs jou sit en sê: "Suster, Broer, ek gaan vir jou bid, dat jy genees sal word vanaand, al die seëninge van God

kry wat jy verlang." Sê dit net soos julle, vir mekaar soos ons dit doen.

Omdat. . .

253 [Broer Branham stap van die mikrofoon af weg om ander te groet, baie van sy woorde is onherkenbaar—Red.] (God seën jou, Broer. . .?. . .God gee vir jou alles wat jy verlang. . .?. . .)

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

254 Tesame:

Onse Vader, wat in die Hemel is, laat U Naam geheilig word.
Laat U Koninkryk kom. U wil geskied, soos in die Hemel, net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood.
En vergewe ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.
En lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bose; want aan U behoort die Koninkryk, en die krag, en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen.

Ek. . .

255 ['n Suster praat met Broer Branham en gee 'n getuienis—Red.] Gaan, Sus-. . .Ja, Mevrou. Ja, Mevrou. Amen. Dank God. Dankie.

256 Hy is altyd teenwoordig. Is Hy nie wonderlik nie? Dan:

Ek het Hom lief, (Is Hy nie wonderlik om daardie dame te genees nie?) Ek. . .
Omdat. . .my
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

O, Hy is wonderlik, is Hy nie? Prys God, *so* wonderlik. Goed.

257 Gebedskaartjies, van een. . .Gebedskaartjies uitgegee een tot vyftig? Een tot vyftig, laat ons net 'n paar van hulle kry. Nou, ons net. . .Waar het ons geroep. . .? Wel, dis 'n ander groep vanaand, is dit nie?Is dit dieselfde letter? B en C. Kom ons roep van C, een om ons te laat sien hoeveel ons kan kry. Kom ons roep een tot tien, een B, of, C, een. Een, gebedskaartjie een, wie het dit? Steek jou hand op. Het die dame daar dit? Het jy gebedskaartjie. . .? Vyf. Goed, vyf. Wie het een? Miskien was ek verkeerd. Wat? Goed. Een, twee, drie, vier, vyf. Laat hulle net hier staan.

258 Net, sal julle kindertjies net soort van agter na die deur, toe gaan, *daar*? Of kom reguit hiernatoe, skatjies, as julle sal, as julle wil opkom hier op die platvorm. Ek reken dit sal reg wees.

259 Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien, elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien. Laat . . . Staan agtermekaar van een tot vyftien, kom ons begin met hulle, want ons, ek twyfel of julle soveel daarin kan kry of nie, net wat julle kan kry. Huh? Waar kry jy . . . ? Een tot vyftien. (Nou, Broer, as ek . . . dit was 'n voorreg om hier te wees, vanaand. God seën jou, Broer.)

260 Goed. Hoeveel in die gebou nou wat nie 'n gebedskaartjie het nie, en tog wil jy hê die Here Jesus moet jou gesond maak? Steek julle hande op. Oral hierbinne wat nie in die gebedsry gaan wees nie, steek julle hande op wat siek is. Dis net regoor die gebou. Jy kon . . . Nou, kyk, terwyl hulle inneem, die—die mense hulle plekke inneem, wil ek hê julle moet dit doen, ek wil hê julle moet nou so sê . . . Nou onthou, as—as Dit—as Dit nie die Woord van God is nie, dan weet ek Dit nie. Dis—dis 'n belofte.

261 Nou, as Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, nou, moet Hy dieselfde optree as wat Hy het, Hy moet so wees in elke beginsel, behalwe 'n vleeslike liggaam, want Sy vleeslike liggaam is steeds 'n Offer op die Troon van God, en Hy sit daar en Sy—Sy bloederige klere is die versoening vir ons sondes. Hy, Self, tree op as 'n Hoëpriester om voorspraak te maak volgens wat ons bely wat Hy gedoen het. Sien?

262 Nou, dis nie met gevoel nie, dis met geloof. Sien? Jy kan net slaan, en huil, en alles, dit sal nooit werk nie. Dit is nie . . . Ek . . . Jesus het nooit gesê: "Het jy dit gevoel?" nie. Hy het gesê: "Het jy dit geglo?" Sien? "Het jy dit geglo?" Jy moet dit glo, want, sien, Hy . . . jy kan nie die Woord Homself laat weerspreek nie, Dit moet perfek ooreenstem, net soos daardie blokke en dinge, sien, dit moet perfek ooreenstem, een wat inpas by die ander, jy laat hulle oorvleuel. Sien? Jy kan dit nie doen nie. So Christus is volmaak, so Sy Woord is volmaak. Nou, Hy is 'n Hoëpriester om voorspraak te maak volgens ons belydenis, ons enigiets bely wat Hy vir ons gedoen het, is Hy daar voor die Vader om dit reg te maak.

263 Kyk, as Jona, in die maag van die walvis, met sy hande en voete vasgebind, met al die seegras om sy nek, die braaksel van die walvis, miskien veertig vaam diep in die water, op 'n stormsee, wat weggehardloop het van God af, kon omdraai in daardie walvis se maag en kyk na al die simptome wat hy om hom gehad het, en bewus was van sy toestande, en steeds gesê het hulle was valse nietighede: "Nog een keer sal ek na U heilige tempel toe kyk," en God hom lewendig gehou het vir drie dae en nagte in daardie walvis se maag . . . Glo julle dat dit die waarheid is? Die Bybel sê dit eers, en Jesus het gesê dit was so.

264 Nou, kyk, Jona . . . Jesus het daar in die Skrifte gesê dat 'n slegte en 'n owerspelige geslag sal soek na 'n teken. Is dit reg? En hulle sou 'n teken sien, die teken van Jona: "Soos Jona in die maag van die walvis was vir drie dae en drie nagte, so sal die

Seun van die mens in die hart van die aarde wees vir drie dae en drie nagte." Toe het Jona uit die maag van die walvis gekom. Is dit reg?

265 Nou, is hierdie 'n slegte en 'n owerspelige geslag? Beide fisies en geestelik? Geestelike owerspel, fisiese owerspel? "Bose, owerspelige geslag sal 'n teken ontvang." Wat was dit? Watter teken was dit toe? "Soos Jona in die maag van die walvis was, opgestaan het, so moet die Seun van die mens in—in die maag van die aarde wees, hart van die aarde, en opstaan." Dan sou die teken wat hierdie slegte en owerspelige geslag sou kry, die teken van die opstanding wees. Is dit reg? Teken van die opstanding.

266 Nou, wat sou dit dan wees? Dit sou Christus wees wat uit die dood uit opgewek is, en na tweeduisend jaar, steeds lewendig, wat saam met Sy mense werk, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Is dit reg?

267 Nou, hoeveel van hierdie siek mense. . .? Hoeveel mense in die gebedsry weet dat ek niks van julle af weet nie? Steek julle hande op, julle wat in die gebedsry is, weet dat ek julle nie ken, of enigiets van julle af weet nie. Hoeveel in die gehoor weet dat ek niks van julle af weet of enigiets nie? Sien? Ek ken nie enige van julle, nie in hierdie gebedsry, sal ek eers sê, daarbuite nie.

268 Nou, daar's party mense daar wat ek wel ken. Ek ken hierdie, dit, hierdie, omtrent van daardie—daardie, van daardie rooi-kop dogtertjie daar af, hierlangs, ek ken daardie ry daar. Broer en Suster Dauch, daardie twee agter hulle, ek ken hulle, twee agter hulle, ek ken hulle. Net hier, in hierdie ry, net hier. Een, twee, drie, vier agtertoe, ek ken hulle. Nou, ek dink, as ek dit nie mis het nie, as dit nie Broer en Suster Outlaw is wat hier reg agter sit nie, van die Jesus' Naam Kerk, en Broer en Suster Sothmann, die diaken van my kerk in Jeffersonville, of, trustee, liewer, op die raad.

269 Nou, ek—ek weet nie, ek glo net hier in hierdie hoek, wat net hier sit, hierdie jong man en vrou, ek dink dis Broer Norman se swaer, ek vergeet wat sy naam is, dis reg. Buiten dit, ken ek nie. Broer Williams en Broer Rose, en het pas hierdie broer hier ontmoet, en dis, buiten dit, ken ek—ek niemand nie. Ek dink jy is Suster Ungren, is jy nie? Downing, Downing, dis reg, van Memphis. Goed. Ek. . .Nou, buiten dit, en my seun, ek sien hom nie eers nou nie, so, waar hy ook al is, dis almal waarvan ek weet.

270 Nou, wat is die eerste dame in die ry? Jy net daar? O, net hier? Jy's die voorste dame. Goed. Sal jy net 'n oomblik hier opstaan?

271 Nou, hier staan 'n vrou wat ek nog nooit in my lewe gesien het nie. Nou, as ek sou sê: "Hier sit 'n man, wat hier in 'n rolstoel sit, hy hou sy arm vas, dit lyk of dit verlam is of iets." Sien? Ek weet nie wat dit is nie, dis kreupel. As ek sou sê: "Daardie man is kreupel," kan enigiemand dit sien. Sien? Maar hier's 'n vrou wat

gesond en sterk lyk. Nou, waar is haar probleem? Dis waar jou wonderwerk kom, julle sien, dis dit, sien, iets.

272 Nou, as—as, wel, ek, as ek ’n persoon sou sien wat heeltemal inmekaar getrek is, hulle bors heeltemal ingesink, gehoes het, nou ek kan sê dit is TB, dit sou ’n raaiskoot wees. Sien? En daardie persoon mag sê: “O, nee, ek het nie TB nie.” Sien? En dit mag bewys word dat hulle nie TB het nie. Sien? Jy kan nie sê nie. Maar wanneer God enigiets sê, is dit reg. Dis altyd reg, dis altyd reg.

273 Nou, nou, hierdie vrou mag net aansit, sy mag net iets sê, sy mag nie eers siek wees nie, daar mag niks verkeerd wees met haar nie. Wel, ek—ek weet dit nie, ek kan nie sê nie. As sy net daar staan, moenie bekommerd wees nie, dit sal uitgeroep word binne ’n paar minute, julle sien, sy sal weet, sy sal uitvind. Hoeveel was al ooit in ’n diens en het gesien dat dit gedoen word? O, genade, ek het meer as twee- of driehonderd daaroor sien sterf. Sien?

274 Ek ken ’n man, vanaand, wat verlam sit, wat so was vir baie jare. Toe ek daarbo by Zion City was, toe daardie man wat daaragter gesit het, my probeer hipnotiseer het voor daardie mense, ek het net aanhou probeer om ’n gebedsry te hou, en hy het daar bly sit, (Hy sou na die weermagkampe toe gaan, julle weet, hy—hy sou die kêrels laat, hulle hipnotiseer, hulle soos honde laat blaf, julle weet, en so laat maak.), Ek het daardie snaakse gees bly voel. En hulle het—hulle het hom daar laat inkom, ’n bekende kerk.

275 Vorige aand daar, het daar ’n—’n man gekom wat aan ’n *sekere* denominasie behoort het, hy het daar opgekom, en hy het op sy gebedskaartjie geskryf: “Ek het TB, *so-en-so*,” en alles soos daardie, hy het gedink was ’n—’n—’n telepatie.

So hulle gee die gebedskaartjie vir die plekaanwyser soos hy opgekom het op die platvorm, en die man het daar opgekom en ek het gesê: “Daar’s niks verkeerd met jou nie.”

Hy het gesê: “O, ja, daar is, kyk na my gebedskaartjie.”

Ek het gesê: “Ek gee nie om wat die gebedskaartjie sê nie, daar’s niks verkeerd met jou nie.”

Hy het gesê: “Wel, kyk, ek het TB, en *so-en-so*,” soos daardie. “Kyk na daardie gebedskaartjie.”

Ek het gesê: “Ek kyk nie na daardie gebedskaartjie nie, ek kyk na die Hemel.” Sien?

En hy het gesê: “Wel, dis wat ek makeer.”

276 Ek het gesê: “Wel, miskien, mag jy dit daaronder gehad het, as jy het, het jy dit nie nou nie, want jy, dit is net nie daar nie.” En hy het gesê . . . Ek het gesê: “Jy is dalk daaronder genees.”

Hy het gesê: “Uh-huh! Dis wat jy dink: ‘Jy is genees daaronder.’”

277 Ek het gedink: "Wat makeer hierdie man?" Ek het omgedraai en weer gekyk, daar was 'n visioen wat voor hom gebreek het, ek het gesê: "Jou bedrieër! Jy behoort aan 'n *sekere* kerk. Gisteraand het jy gesit saam met daardie man net *daar*bo met 'n rooi pak . . . met 'n rooi das en swart pak. En jy . . . Dis sy vrou wat reg oorkant op *hierdie* hoek sit, en jou vrou. En jy het langs 'n tafel gesit wat 'n groen doek daarom gehad het, en jy het opgemaak dat jy hiernatoe kom om dit te doen om te bewys dat hierdie 'n verstandstelepatie is." Ek het gesê: "Die goed wat jy op jou kaartjie het, is op jou." Hy het omtrent ses weke daarna gesterf. Um-hum. Julle moet dit nooit doen nie.

278 Hierdie man het, 'n paar weke daarna, 'n paar aande daarna, daar gesit en my probeer hipnotiseer, soos daardie, en ek het daardie vreemde gees bly voel, ek het gesê: "Asseblief, almal, hou julle hoof gebuig, wees eerbiedig." Julle het my dit baiekeer hoor sê, ek hou 'n gees dop, julle sien. En toe het hy dit aanhou doen, en dit gedoen, en dadelik, omgedraai soos *daardie*, ek het gesê: "Waarom het die duiwel dit in jou hart geplaas om dit te doen?" Ek het gesê: "Jy het ingestap, maar hulle sal jou uitdra." En hulle het. Dis presies reg.

279 Hy's nog steeds verlam. Dis reg. Hy het net opgestaan, hy was styf, hy kon skaars beweeg. En hy het brief na brief geskryf, gevra: "Kom." Ek kan niks daaraan doen nie, dis sy eie sonde, hy moet dit regmaak met God. Daar is nie 'n ding nie, ek sal nie my hand daarop sit vir niks nie. Sien?

280 Wat van daardie man in Phoenix, hieronder, toe ek die eerste keer hier was daardie keer? Onthou hier oorkant in die plek, wat—wat nie sy hoof wou buig nie? En hulle het my 'n dosyn maal na hom toe laat gaan in Kalifornië, wat daar oorkant gesit het, baard oraloor, amptenaar hier in die stad, baard oraloor sy gesig, soos daardie, wat daar sit en gaan: "Uhhhhh, uhhhhh," soos daardie, geen verstand hoegenaamd nie, 'n bose gees is uit een uitgedryf en het in hom ingegaan. Dis reg. Net hier in Phoenix, my eerste reis. Dis reg. Sien, jy moet net versigtig wees, nou, ons speel nie kerk nie.

281 Dis net soos dit was in die dae van Gideon, tyd van kerkspeel is verby, ons moet gereedmaak om God te ontmoet. Ja, meneer. Gaan rond, teken jou naam op 'n kaartjie, en sluit by 'n kerk aan, dis alles uit. Onthou hierdie dinge sal van een na die ander gaan, sal beslis.

282 Die vrou wat ek nie ken nie, ek het haar nog nooit in my lewe gesien, sover ek weet nie. Sy, as sy siek is, weet ek niks daarvan nie. Wil sy gebed hê vir iemand anders? Ek weet niks daarvan nie, dit hang net af, dit hang van God af om so te sê. Maar as Hy so sal sê, laat haar die beoordelaar wees of dit reg is of nie.

283 Sal julle dan glo, dat die Koms van Christus naby is, en daardie selfde Heilige Gees, daardie selfde God, wat daaronder

by Sodom was, dieselfde God is Wat weer hier verskyn in mans en vroue, vanaand? Glo julle dit, die dinge wat Hy gesê het? Glo dit, glo dit.

284 Nou, ek wil hê sy moet kyk na waar sy kyk, sodat julle nie sal sien, dink ek het gele-. . . Enigiemand. . . Mense sê ek lees die mense se gedagtes. O, vir. . . Enigiemand wat selfs die eerste ding daarvan weet, weet dat dit suiwer. . . Wel, telepatie is, jy raai 'n getal en laat my dit ook raai. Sien? Daar—daar's glad nie so-iets soos daardie nie. Goeiste! God is nie telepatie nie.

285 Hulle het Jesus 'n Beëlsebub genoem omdat Hy dit gedoen het, hulle het gesê Hy was 'n fortuinverteller, 'n duiwel. Hy het gesê: "Ek vergewe julle daarvoor, maar eendag kom die Heilige Gees om dieselfde ding te doen, een woord Daarteen sal nooit vergewe word, hierdie wêreld, of die Wêreld wat sal kom nie." So julle sien waar dit ons plaas? Jy verstaan dit, nie waar nie, Suster? Almal van ons verstaan.

286 Nou, ek sê nie dat Hy dit sal doen nie, ek vertrou dat Hy sal, want ek ken jou nie, en jy ken my nie, en hier staan ons hier, vanaand. En as ek krag gehad het om, as jy siek is en ek krag gehad het om jou te genees, sou ek dit doen. As ek vir jou gesê het, sou ek lieg. Die enigste ding wat ek kan doen, is om jou te vertel dat die Woord sê dat daar deur Sy wonde vir jou genesing gekom het. Dis reg, jy is genees.

287 Ek kan julle nou sê, die vrou is nie 'n sondaar nie, sy's 'n Christen. Ja, sy het 'n goeie vibrasie in haar gees. Sien? Sy—sy's 'n Christen, en sy ly aan artritis. Dis reg, is dit nie? [Die suster sê: "Ja. Na 'n operasie."—Red.] Ja, meneer. En daardie operasie was 'n galblaasoperasie, toe, toe jy dit gehad het, was jy 'n bietjie bang dat—dat daardie operasie iets hiermee te doen gehad het, en jy was van toe af baie bekommerd. Jy het nou baie komplikasies. Dit is reg. Nou, glo jy dat God jou gaan genees en jou gesond maak? Loop net reguit van die platvorm af en sê: "Dank U, Here," en gaan aan. Amen.

288 Aangename kennis, Dame? Ons ken mekaar nie, God ken ons albei. Maar as God vir my sal sê wat jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is? Dis nie vir jou nie, dis vir iemand anders, jou niggie. Gaan glo.

Glo jy met jou hele hart? Hê net geloof, moenie twyfel nie.

289 Kom, Dame. Nou, het dit in die gehoor begin. Nou, jou geloof het begin oplig, jy sien, jy kan dit voel, jy, net—net Iets wat trek, julle sien. Alles, ek kyk daarbuite en lyk net asof die kamer begin verander soos 'n amber lig, julle weet, deur net rond te kyk.

290 Nou, julle sê: "Broer Branham, dit sal jou nie so beïnvloed nie." As een vroutjie die soom van Jesus se kleed aangeraak het en dit die Seun van God laat swak word het, wat sou dit aan my doen, 'n sondaar gered uit Sy genade? Sien? Hê net geloof.

291 Ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek ken jou nie, maar as die Here Jesus aan my sal openbaar wat jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is? En jy glo dat wat ek gesê het, 'n bevestiging is van wat God belowe het? Jy glo dit? Goed. Jou probleem is in jou sy. Dis reg. Jy het 'n operasie gehad, kanker. Jy is baie swak. Dit is reg. Jy wonder wat verkeerd is. Maar jy gaan nou gesond word. Wel, God. . .?. . .nou, as Hy vir jou kan sê wat was. . .Was dit waar? Wel, as Hy vir jou kan sê wat was, waar is, dan is wat Hy in die toekoms sê, waar. Sien?

Aangename kennis? Aangename kennis? Ons is vreemdelinge vir mekaar, ek ken jou nie. Is dit vir die seun? Goed. Net 'n oomblik.

292 Nou, wees net baie eerbiedig en glo met jou hele hart dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en Hy sal die res daarvan laat gebeur, as jy Hom net kan glo.

293 Jy het toe jou oë afgevee, Suster, in gebed. Maar die ingewandsprobleem het jou verlaat. Glo nou net, met jou hele hart. Hê geloof. Voel alreeds anders, nie waar nie? As dit reg is, steek jou hand op sodat die mense kan sien.

294 Ek wil julle vra, Wie het die vrou aangeraak? Sy het my nooit aangeraak nie, sy's te ver weg, sien. Maar sy het die Hoëpriester aangeraak, dis reg, die Hoëpriester aangeraak.

295 Jy is bekommerd oor die seun, soort van nier, blaas. Het jou man al vir hom gebid? Hy behoort, as 'n prediker. Hy sal reg wees, moenie bekommerd wees nie.

Is Jesus nie dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid nie?

296 Sien julle daardie Lig wat daar oor die man hang wat bid? Daardie hoofpyne, verlaat jou, en jy sal nou reg wees. Moet net nie twyfel nie, hê geloof, dit sal alles weggaan. Jy het vir Hom gebid om dit te doen, het jy nie? Dis reg, gesê: "Here Jesus, laat Broer Branham my roep." Goed. Dis reg? Steek jou hand op. Goed, dis alles weg.

Dit het die man agter jou laat glo. Daardie probleem in jou voete sal ook weggaan, broer, as jy. . .

297 Hy kan ook asma genees, kan Hy nie? Dit gesond maak. Goed. Gaan glo Hom net met jou hele hart. Hê. . .Moenie twyfel nie, glo net met jou hele hart. Goed.

Glo julle nou daarbuite? Moenie twyfel nie. Daar's 'n vreemde gees wat hier inbeweeg, ek vertrou dat die Here Jesus dit sal regmaak. Goed.

Goed. Gaan voort, glo nou, Suster.

Goed, Seuntjie. Dis vir hom? Dit. . .Ja. Hoe sê? Ja, gaan net voort en dit sal hom verlaat, die asma, en hy sal reg wees en gesond wees.

Goed. Glo jy, Suster? Die vroueprobleem gaan reg wees. Gaan, en glo met jou hele hart.

Hê nou geloof.

Kom, Suster. Glo jy God genees hartprobleme? Hy kan joune ook genees, kan Hy nie? So gaan net gelowig . . .? . . .

298 Aangename kennis, Meneer? Wil jy jou aandete gaan eet? Gaan voort en eet. God seën jou. Alles is weg, senuweeagtig, maagprobleem is weg, dit was alles weg. Hê net geloof, moenie twyfel nie, glo met jou hele hart.

299 Jy lyk na 'n yslike groot sterk man, om aan senuweeagtigheid te ly, maar dis wat dit is. Dit gaan jou nou verlaat. Gaan glo met jou hele hart.

300 Daardie man wat daaragter sit met daardie donker skaduwee, en daardie jong seun wat daar reg agter sit met epilepsie, glo jy, Seun, dat God jou sal gesond maak? Wil jy dit glo? Goed, hê geloof in God en dit sal jou verlaat.

Halleluja! Glo jy? Amen.

301 Bid vir 'n seuntjie, nee, dit bid, daardie Mexikaanse vrou, wat bid vir 'n seun wat kanker het, ongered. As jy sal glo, sal God daarvoor sorg. Hê geloof in God, moenie twyfel nie. Um-hum.

302 Bursitis, glo jy dat God sal sorg vir die bursitis, wat reg voor die vrou daar sit wat die bursitis gehad het, twee van julle wat langs mekaar sit, glo met julle hele lewe, met julle hele hart, en julle kan kry wat julle het. Glo met jou hele hart.

303 Daardie seun daar oorkant met epilepsie, glo jy dat God daarvoor sal sorg? Daardie kêreltjie wat aan die binnekant sit, daardie seun wat daar sit, lê jou hand op hom, Meneer. Glo met jou hele hart.

In die Naam van Jesus Christus, kom uit hom uit, Satan! Jy kan nie wegkruip nie.

304 Satan kan nou niks wegsteek nie, Teenwoordigheid van die Here is hier. Glo jy met jou hele hart? Is Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Wat is dit? Glo, tree op volgens Sy Woord as julle wil sien die wond- . . . "As God met ons is, waar is Sy wonders?" Hier is hulle! God is met ons. Amen. God is met ons. Hier is die teken dat Hy lewendig is, dieselfde ding wat Hy gedoen het voor Hy gesterf het. Hy het vir ewig opgestaan.

305 Nou, het julle . . .? Is julle gelowiges? Steek jou hand op. O, goeiste! Lê julle hande op mekaar. Moenie vir jouself bid nie, bid vir die volgende persoon. Begin net bid, bid net: "Here God, genees hierdie persoon, die ander persoon." Dis reg, glo nou.

306 O Here God, Skepper van Hemel en aarde, in die Naam van die Here Jesus Christus, vra ons dat die krag van God nou deur hierdie gebou trek, soos 'n magtige rukwind en hierdie hele huis

vul, en vul hierdie mense met die Heilige Gees van krag om te glo dat God steeds lewe en regeer.

Satan, kom uit hierdie plek uit, kom uit hierdie mense uit, ek beveel jou, in die Naam van die Lewende God. Amen.

307 Laat dit 'n houvas kry, laat dit insink. Glo Hom. Hoe kan Hy faal? Hy kan nie faal nie. As Hy hier op die platvorm kan staan en dit doen, hoeveel te meer kan Hy vir jou doen?

308 "Broer Branham, hoe doen jy dit?" Dis Sy Woord. Dis die Woord Self wat gemanifesteer word. Die Woord sal Homself in jou manifesteer, as jy Dit sal glo. Neem die wolke van twyfel weg, die Seun skyn, die S-e-u-n skyn, Sy krag is hier in die kamer om elkeen van julle gesond te maak. Amen.

309 Glo julle dit? Julle hele hart? Staan dan op, in die Naam van Jesus Christus, en aanvaar dit, in die Naam van Jesus Christus. Steek julle hande op en prys Hom, loof Hom.

Goed, Pastoor . . .? . . .

62-0124 Is Dit Nie Ek Wat Jou Stuur Nie?
Gemeente Van God
Phoenix, Arizona V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org